DIE PASTORALE GEBRUIK VAN SPELTERAPIE MET KINDERS: 'N EVALUERING

deur

WILLIE ANDRIES STRYDOM

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

MAGISTER THEOLOGIAE

in die

DEPARTEMENT PRAKTIESE TEOLOGIE

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: PROFESSOR JT DE JONGH VAN ARKEL

NOVEMBER 1997

Opsomming

Een van die funksies van die Kerk is om vir sy lidmate te sorg. In die praktyk wil dit voorkom asof die Kerk se sorg meer gerig is op die adolessent en die volwassene. Vanweë verskeie faktore ontvang kinders baie min of geen sorg in die vorm van pastorale sorg of pastorale beraad nie. 'n Gespreksmetode van beraad slaag nie altyd as daar met kinders gewerk word nie. In die veld van die psigoterapie en maatskaplike werk word daar algemeen gebruik gemaak van spelterapie wanneer daar met kinders gewerk word. Laasgenoemde kan ook in die pastoraat met kinders gebruik word sonder om die unieke karakter van pastoraat verlore te laat gaan. Die Kerk kan langs hierdie weg ook sy pastorale verantwoordelikheid teenoor kinders nakom.

Abstract

One of the functions of the Church is to care for people. The children, however, are often neglected with more attention being paid to the adolescent and adult. Moreover, the verbal approach used when pastors work with children who experience difficulties do not seem to address this fully. Play therapy, on the other hand, appears to be a useful means of addressing this deficiency. It is often used in psychotherapy and social work and can be used to good effect in the caring of the Church for children. Play therapy enables the pastor to fulfill the Church's obligation to care for children, without disregarding the unique character of pastoral care and pastoral counsellin

Key terms

Play therapy; Children; Pastoral care; Pastoral counseling; Church; Pastor; Creative play; Biblio-play; Assessment play; Relaxation play; Dramatic play

Ek wil graag my grootste dank en waardering uitspreek teenoor die volgende persone:

- *Erika, Jean-Jacques en Tanya - dankie vir die geleentheid wat julle my gegun het en vir die baie opofferings wat julle gemaak het.*

- *Primrose gemeente - dankie vir die groot geduld met my gedurende al my studieverlof.*

- *Prof. J T de Jongh van Arkel - dankie vir al u leiding en geduld.*

My grootste dank gaan aan my Hemelse Vader vir die gawes en talente wat Hy so onverdiend aan my geskenk het en die voorreg om Sy nederige dienaar te mag wees.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1 - INLEIDING		1
1	PROBLEEMSTELLING	1
2	DOELSTELLING	6
3	METODOLOGIE	7
HOOFSTUK 2 - SPELTERAPIE		12
1	TEORIEË	13
1.1	HISTORIESE ONTWIKKELING	13
1.2	DIE FUNKSIES VAN SPEL VIR DIE KIND	17
1.3	DIE WAARDE EN FUNKSIES VAN SPEL TYDENS TERAPIE	21
1.4	BELANGRIKE UITGANGSPUNTE IN TERAPEUTIESE WERK MET KINDERS	26
1.4.1	DIE KIND AS KLIËNT	26
1.4.2	DIE TERAPEUT	29
1.4.3	APPARAAT EN KONTEKS	31
2	VORME VAN SPEL	34
2.1	INLEIDING	34
2.2	ASSESSERINGSPEL	34

2.3	ONTSPANNINGSPEL	38
2.4	GEDRAMATISEERDE SPEL	42
2.5	BIBLIO-SPEL	46
2.6	SKEPPENDE SPEL	54
HOOFSTUK 3 - PASTORAAT		59
1	PASTORAAT	59
1.1	INLEIDING	59
1.2	SORG	61
2	FUNKSIES VAN PASTORAAT	65
2.1	INLEIDING	65
2.2	GENESING	65
2.3	BYSTAND	66
2.4	BEGELEIDING	67
2.5	VERSOENING	67
3	DEFINISIE VAN PASTORAAT	68
HOOFSTUK 4 - EVALUERING VAN SPELTERAPIE VIR GEBRUIK IN DIE PASTORAAT		70
1	INLEIDING	70

2	DIE PASTORALE GESPREK	71
2.1	DIE EIESOORTIGE KARAKTER VAN DIE PASTORALE GESPREK	71
2.2	DIE ROL VAN DIE PASTOR	74
2.3	DIE KIND IN PASTORAAT	75
2.4	ONTWERP VAN 'N PASTORALE GESPREK	76
3	EVALUERING VAN DIE GEBRUIK VAN SPELTERAPIETEGNIEKE IN DIE PASTORAAT MET KINDERS	77
3.1	KONTAKMAAK EN KONTAKBOU FASE	77
3.2	ANALISE FASE	80
3.3	VERANDERINGS-GEORIËNTEERDE FASE	81
3.4	AFSLUITINGS FASE	83
4	SLOTOPMERKINGS	85
BIBLIOGRAFIE		87

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1 PROBLEEMSTELLING

In die ruimte van die Kerk word daar verskeie geloofshandelinge voltrek. Dit is aan hierdie geloofshandelinge wat die praktiese teologie aandag gee. Die verskeidenheid van geloofshandelinge wat voltrek word is natuurlik baie omvangryk van aard. Vanweë praktiese oorwegings is daar deur die jare gehou by 'n indeling waaronder verskeie geloofshandelinge as onderdele behandel kan word. Die tradisionele indeling van die geloofshandelinge of funksies van die Kerk is volgens Heyns en Pieterse (1990:14) prediking, onderrig, viering, sorg en diens.

Een van die funksies van die Kerk is om vir lidmate te sorg. Die sorg wat die Kerk aan lidmate verleen, vind op verskillende terreine of vlakke plaas. Die verskillende vlakke of terreine van sorg kan goed opgesom word aan die hand van De Jongh van Arkel (1991a:109-115) se indeling naamlik: onderlinge sorg, pastorale sorg en pastorale beraad. Onder elkeen van hierdie drie vlakke word daar 'n vorm van sorg aan lidmate verleen. In hierdie studie val die klem op meer op **pastorale sorg** en **pastorale beraad** as op onderlinge sorg.

In die praktyk van die gemeente wil dit voorkom asof hierdie vorm van sorg, meer gerig is op die adolessent en die volwassene in die gemeente. Kinders ontvang baie min of geen sorg in die vorm van pastorale berading nie. Lester (1987:11) som hierdie probleem soos volg op: 'Few pastors give any systematic attention to pastoral relationships with children, even those in crisis. Many pastors have never structured a pastoral conversation with a child, either in their office or in the child's home, with the specific goal of offering pastoral care during a crisis.'

Kinders is deel van die Kerk en nie net lidmate in wording nie. Die Kerk moet daarom dan ook dieselfde mate van sorg aan kinders verleen as wat aan adolessente en volwassenes verleen word. Kinders ontvang nie altyd hierdie sorg nie en moet dikwels alleen deur hulle krisisse worstel. Kommer dat kinders nie hierdie sorg ontvang nie, word ook gedeel deur Chapman (1994:325). 'Books are written about how to help adults through the grieving process when they face loss. What about children who lose in significant ways? How do they grieve? More importantly, who helps them through their emotional upheavals? Who tends to the children in the shadows at the funeral home?'

Die oorsaak van die probleem dat kinders nie altyd sorg in die vorm van pastorale beraad ontvang nie, behoort aandag te geniet. Pastors ervaar by meer as een geleentheid ongemak en selfs verleentheid wanneer daar met kinders gewerk moet word wat een of ander krisis beleef. Vir baie pastors is dit moeilik om met kinders te kommunikeer (Louw 1994:150). Pastors weet dikwels nie wat

om te sê of te doen met hulle nie. Hierdie gevoel van ongemak of selfs verleentheid het 'n bose kringloop tot gevolg. Lester (Lester 1987:12) beskryf dit soos volg: 'Because we pastors perceive ourselves to be inadequate in relating to children, some neglect of children in crisis is simply avoidance of uncomfortable situations.'

In die opleiding van pastors word daar hoofsaaklik gekonsentreer op beradingstegnieke wat meer geskik is vir sorg aan volwassenes en adolessente, sonder dat daar werklik gepoog word om hierdie tegnieke op kinders van toepassing te maak (Lester 1987:12). Die werk van Egan (1994) word deur baie opleidingsinstansies gebruik as 'n handboek vir opleiding in berading. Selfs in hierdie omvangryke werk word daar nie daadwerklik gepoog om die tegnieke op kinders van toepassing te maak nie.

In die literatuur oor pastorale beraad word daar nie genoegsaam aandag gegee aan beraadtegnieke wat met kinders gebruik kan word nie. Die metode van beraad wat in die literatuur uitgewerk word, kan beskryf word as 'n gespreksmetode van beraad. Hierdie metode van beraad het duidelik die adolessent en volwassene in die oog wie se verbale kommunikasievaardighede goed ontwikkeld is. Die gespreksmetode is egter nie altyd effektief of selfs bruikbaar wanneer daar met kinders gewerk word nie. D J Louw (1994:150) som hierdie probleem soos volg op: 'Because children [sic] communication skills have not yet fully developed, counselling is not always effective.' Dennison en Glassman (aangehaal deur Schoeman & Van der Merwe 1996:19) het ook tot

die belangrike gevolgtrekking gekom dat 'a verbal approach is not effective with young children, especially when they are having problems.' Die gespreksmetode steun baie sterk op 'n mens se vermoë om te kan verbaliseer. Venter (aangehaal deur Louw 1994:152) wys egter daarop dat kinders se vermoë om te kan verbaliseer, beperk is. Die probleem waarvoor 'n mens te staan wanneer jy met kinders werk met behulp van 'n gespreksmetode van beraad, is dat kommunikasie moeilik raak.

Die probleem is dat die manier waarop kinders kommunikeer, verskil van die manier waarop volwassenes kommunikeer (Schoeman & Van der Merwe 1996:7). Hierdie verskil in die manier waarop daar gekommunikeer word, gee op sy beurt weer aanleiding tot 'n ander probleem wat deur Lester (1987:11) aangeraak word. 'Since they communicate differently from adults, children find it harder to identify and conceptualize their crisis. Children are frequently unable to share their interior world with adults, leaving us unaware of those times when they feel anxious, fearful, sad, ashamed, angry, or embarressed.'

Die mees basiese probleem in pastorale beraad met kinders blyk te wees dat daar nog nie genoegsaam gekyk is na beraadtegnieke wat in die psigoterapie en maatskaplike werk, met kinders gebruik word nie. Daar word in die literatuur oor pastorale beraad of in die opleiding van pastors nie werklik aandag hieraan geskenk nie.

Ten spyte van die probleme wat bestaan, het die Kerk 'n verantwoordelikheid teenoor kinders en het kinders ook 'n reg om pastorale sorg te ontvang (Lester 1987:12). Dit is verder ook waar dat geloof wel by kinders 'n rol kan speel tydens 'n krisis. In hulle studie het Spilka, Zwartjes en Zwartjes (1991:302) die volgende gevind: 'It is evident that religion can be a source of much support in the crisis of childhood cancer, as it has also been shown for cancer in general and other specific forms of cancer.'

In die veld van die psigoterapie en maatskaplike werk, word daar redelik algemeen gebruik gemaak van spelterapietegnieke wanneer daar met kinders gewerk word. Die aanbeveling wat Dennison en Glassman (aangehaal deur Schoeman & Van der Merwe 1996:19) maak in die plek van 'n gespreksmetode, is dat terapeute eerder gebruik moet maak van tegnieke wat spel insluit wanneer hulle met kinders werk wat probleme ervaar.

Die gebruik van spelterapietegnieke wanneer daar gewerk word met kinders wat probleme ervaar, hou baie voordele in. D J Louw (1995:305) beskryf die waarde van spel as terapie soos volg: 'When play is used as a therapeutic tool, the various perspectives of these theories become clear, and help the psychologist to understand and help the child better on a level which holds little threat for the child because the therapist then meets the child on a level that is familiar to him.'

'n Ander voordeel van spelterapie is dat daar nie te veel klem gelê word op verbale kommunikasievaardighede nie. Spel is vir die kind 'n natuurlike medium om uiting te gee aan homself. Axline (1989:8) sien dit so: 'It is an opportunity which is given to the child to "play out" his feelings and problems just as, in certain types of adult therapy, an individual "talks out" his difficulties.'

Die tegnieke van spelterapie hou verder die voordeel in dat die kind ernstig as 'n volwaardige mens opgeneem word. Die vertel van stories vorm deel van die tegnieke wat in spelterapie gebruik word en daaroor skryf Webb-Mitchell (1995:218) soos volg: 'This narrattive approach assumes that a child is a living, breathing, changing person, sometimes in control of some of the events in life, and at other times controlled by these same events.'

2 DOELSTELLING

Die probleem wat met ander woorde aangespreek word is, dat in pastoraat met kinders, daar in die meeste gevalle gewerk word met 'n gespreksmetode van beraad. Daar bestaan egter, soos reeds aangedui, talle probleme met so 'n benadering wanneer daar met kinders gewerk word.

In die veld van psigoterapie en maatskaplike werk, word daar redelik algemeen gebruik gemaak van tegnieke wat spel insluit. Hierdie tegnieke hou baie voordele en belofte in vir gebruik in sowel pastorale beraad as pastorale sorg. In die literatuur en die opleiding van pastors is daar nog nie genoegsaam gekyk na

wat in die veld van psigoterapie en maatskaplike werk beskikbaar is vir gebruik in die pastoraat nie.

Die algemene doel van hierdie projek is om 'n studie te maak van pastoraat aan kinders. Hierdie algemene doel kan onderverdeel word in twee meer spesifieke doelwitte:

- **Eerstens**, om 'n oorsig te gee van die teorieë oor spel wat in psigoterapie en maatskaplike werk gebruik word. Die tegnieke wat deel is van hierdie teorieë kan sodoende beskryf word.

- **Tweedens**, om die toepasbaarheid van hierdie teorieë en hulle tegnieke, vir gebruik in die pastoraat te evalueer.

In die psigoterapie en maatskaplike werk vind daar ook sorg plaas (De Jongh van Arkel 1991a:106-109). Die tipe sorg wat in die pastoraat gebied word vertoon sy eie karakter en daarom sal die teorieë en tegnieke geëvalueer moet word voordat hulle in die pastoraat gebruik kan word. Die gevaar is dat indien dit nie gebeur nie, die eie aard van pastoraat verlore kan raak.

3 METODOLOGIE

Teologie as 'n wetenskap impliseer dat daar 'n bepaalde saak of onderwerp op 'n wetenskaplike wyse bestudeer moet word. In die teologie kan God nie die

onderwerp of saak wees wat wetenskaplik bestudeer word nie. Die volgende definisie van teologie word deur Heyns en Pieterse (1990:4) gegee: 'Teologie sou daarom beskryf kon word as die wetenskaplike bestudering van mense se geloof in God en mense se geloofsuitsprake oor God.'

Teologie as 'n wetenskap het verskeie afsonderlike studievelde. Die verhouding tussen die studievelde in die teologie kan op verskillende wyses beskryf word. Heyns en Pieterse (1990:6-7) noem twee moontlikhede naamlik: die teologie as somtotaal van die studievelde en elke studieveld as 'n bepaalde perspektief op die teologie as geheel. Daar word gekies vir die laaste moontlikheid, want die teologie is nie net die numeriese somtotaal van afsonderlike studievelde nie, maar elke studieveld is deel van die organiese geheel (Heyns & Pieterse 1990:7).

Praktiese teologie is een van die studievelde van die teologie wat bestudeer word. Praktiese teologie kan op verskillende wyses benader word. Pieterse (1993:103-127) verwys na Burger wat 'n onderskeid maak ten opsigte van drie benaderings wat in Suid-Afrika gevolg word naamlik die diakoniologiese, die kontekstuele en die handelingswetenskaplike benadering. Hierdie studie word gedoen vanuit die kommunikatiewe handelingswetenskaplike benadering in die praktiese teologie.

Die kern van die saak waaroor dit in die praktiese teologie gaan is dat praktiese teologie besig is met kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie

(Firet aangehaal deur Pieterse 1993:2). Die volgende definisie van praktiese teologie word deur Heyns en Pieterse (1990:8) gegee: 'Die praktiese teologie is 'n studie van die handelinge van mense wat daarop ingestel is om ander mense te help om God te ontmoet en met God en hul medemens in gemeenskap te lewe.' Dit gaan met ander woorde in die praktiese teologie spesifiek oor die kommunikasie van die Evangelie in verskillende situasies en met verskillende handelinge (Pieterse 1993:2).

Praktiese teologie hou hom dus besig met die ontmoetingsgebeure tussen God en mens en meer spesifiek die rol wat mense speel in hierdie ontmoeting (Heyns & Pieterse 1990:8). Die ontmoeting tussen God en mens speel hom af in die leefwêreld van die mens. Die volgende beskrywing van die objek wat in die praktiese teologie bestudeer word, word deur Pieterse (1993:48) gegee: 'Die formele objek van die vak is dus die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie wat in die spanning tussen ideaal en werklikheid geskied, en wat as mediale handelinge ten doel het om geloof deur te gee asook kommunikatiewe geloofshandelinge te bevorder.' Die kommunikatiewe praxis word met ander woorde in die praktiese teologie bestudeer. Die pastorale versorging van mense vorm deel van hierdie kommunikatiewe praxis.

Die kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering hou voordele in vir die praktiese teologie (Pieterse 1993:108-110). Die praktiese teologie het eerstens daardeur 'n behoorlike wetenskapsteoretiese begronding verkry. Tweedens het die verhouding met die ander teologiese vakke ook hierdeur verander. Hierdie

benadering het derdens 'n lewendige interaksie tussen die praktiese teologie en die sosiale wetenskappe moontlik gemaak (Pieterse 1993:3). Die praktiese teologie kan nou binne 'n interdissiplinêre verhouding met die sosiale wetenskappe saamwerk (Pieterse 1993:110). Die indentiteitskriterium van die praktiese teologie sal in hierdie interaksie die sistematiese aandag aan kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie bly (Firet aangehaal deur Pieterse 1993:3). Die praktiese teoloog kan ook nou self op 'n intradissiplinêre wyse ondersoeke doen (Pieterse 1993:110). 'n Vierde voordeel wat die kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering vir die praktiese teologie inhou is dat die teorie-praxisprobleem oorkom word (Pieterse 1993:109).

Die verhouding tussen teorie en praxis kan op verskillende wyses beskryf word (Heyns & Pieterse 1990:29-35). Die beste beskrywing van die verhouding tussen teorie en praxis is om dit te beskryf as 'n bipolêre spanningsverhouding (Heyns & Pieterse 1990:35). Hierdie bipolêre spanningsverhouding kan deur 'n ellips voorgestel word. Pieterse (1993:174) beklemtoon die waarde van die ellips om die bipolêre spanningsverhouding uit te beeld soos volg: 'Die selfstandigheid van teorie en praxis word nie vernietig of opgehef nie, maar hulle is tog tegelykertyd interafhanklik van mekaar en beïnvloed mekaar voortdurend.' Dit is ook belangrik om te beklemtoon dat in hierdie bipolêre spanningsverhouding daar sprake is van 'n kritiese teorie en 'n kritiese praxis. Heyns en Pieterse (1990:35) verduidelik dit soos volg: 'Dit beteken dat die teorie kritiese teorie moet wees, krities ten opsigte van die kerklike praxis deur te toets

of dit tot heil van mense is. Daarteenoor moet die kerklike praxis kritiese praxis wees wat sy eie teoretiese grondslae, doelstellings, effektiwiteit en resultate voortdurend krities ontleed en beoordeel.'

Die kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering in die praktiese teologie is die raamwerk waarbinne hierdie studie onderneem word. Hierdie benadering maak dit moontlik dat daar op 'n interdissiplinêre wyse gebruik gemaak kan word van terapeutiese tegnieke wat in die sosiale wetenskappe gebruik word. Die identiteitskriterium van die praktiese teologie mag nie verlore raak nie. Die bipolêre spanningsverhouding tussen die teorie en die praxis moet uiteindelik daartoe lei dat 'n nuwe veranderde praxis tot stand kom.

Voordat die gebruik van spelterapie met kinders in pastoraat ge-evalueer kan word, sal daar eers krities gekyk moet word wat onder spelterapie verstaan word. Die teorie van spelterapie asook die verskillende vorme van spel en tegnieke, moet omskryf word. Die verstaan van wat met spelterapie bedoel word, kan egter nog nie as die ontstaan van 'n nuwe praxis beskou word nie. Daar sal daarom ook krities gekyk moet word na wat onder pastoraat verstaan word. Die kenmerkende van die pastoraat asook die funksies van pastoraat sal omskryf moet word. Die gebruik van spelterapie met kinders in pastoraat sal met ander woorde eers ge-evalueer kan word wanneer beide spelterapie en pastoraat omskryf is.

HOOFSTUK 2

SPELTERAPIE

Die gebruik van spel tydens terapie met kinders kom algemeen voor in psigoterapie en in die veld van maatskaplike werk. 'n Beskrywing van wat met spelterapie bedoel word is nodig voordat die gebruik daarvan in pastoraat ge-evalueer kan word. In hierdie hoofstuk sal daar eerstens kortliks stilgestaan word by die historiese ontwikkeling van spel tydens terapie met kinders.

Die waarde van speel in die algemeen vir kinders moet verstaan word om uiteindelik die funksie van spel tydens terapie te kan begryp. Speel is 'n inherente deel van die kind se lewe en wanneer dit raakgesien word, word die gebruik van spel tydens terapie voor die hand liggend. Terapeutiese werk met kinders stel baie eise. Aandag sal daarom gegee word aan die karakteristieke van die kind as kliënt en die eise wat aan die terapeut gestel word. Die verskillende faktore wat terapeutiese werk met kinders beïnvloed sal bespreek word.

Daar kan onderskei word tussen verskillende vorme van spel tydens terapie. Dit is noodsaaklik dat hierdie verskillende vorme van spel beskryf moet word, asook die verskillende tegnieke wat daarmee gepaardgaan. Elkeen van die verskillende vorme van spel vervul 'n funksie tydens terapie en die terapeut

moet die onderskeid kan raaksien. Die terapeut sal ook bewus moet wees van die verskillende tegnieke wat gebruik kan word by elkeen.

1 TEORIEË

1.1 HISTORIESE ONTWIKKELING

Die aktiwiteit van speel is geen nuwe verskynsel nie. Van die vroegste tye af neem speel 'n belangrike plek in mense se lewens in. 'n Mens hou in 'n sekere sin nooit op met speel nie. Speel neem veral in die lewens van kinders 'n belangrike plek in. D A Louw (1995:299) wys daarop dat 'n kind die meeste tyd spandeer om te speel. Die waarde van die gebruik van spel in terapie is baie vroeg raakgesien.

Sigmund Freud het alreeds in 1909 begin om spel te gebruik om sy kliënte se onbewuste vrese en bekommernisse te ontdek (Gil 1991:28). Spel is daarna ook deur ander begin gebruik in behandeling van kinders met probleme. Dit was Melanie Klein en Anna Freud wat die teoretiese fondasie van die psigoanalitiese spelterapie gelê het (Cattanach 1992:37). Die invloed hiervan word deur Gil (1991:28) beklemtoon. 'This type of play therapy continues to be one of the most respected forms of child therapy, usually conducted by analysts.'

Die gebruik van spel as terapeutiese hulpmiddel het nie net beperk gebly tot die psigoanalitiese denkrigting nie. Die gebruik van spel het gou neerslag gevind in

ander psigoterapeutiese denkrigtings soos onder andere die emosioneel-terapeutiese, fenomenologiese en kognitiewe denkrigtings (Schoeman 1995:70). Die speltegnieke wat gebruik word, word gebruik in ooreenstemming met die vertrekpunte van elke denkrigting of teorie (Gil 1991:35).

Gil (1992:35) maak 'n verdere belangrike onderskeid tussen die verskillende tipes van spelterapie wat met kinders gebruik kan word. Sy maak 'n onderskeid tussen twee kategorieë, naamlik 'n non-direktiewe en 'n direktiewe benadering van spelterapie. Daar bestaan belangrike klemverskille tussen hierdie twee kategorieë van spelterapie.

Axline (1989:14) beskryf die teoretiese vertrekpunt van die **non-direktiewe benadering** soos volg: 'Non-directive play therapy is based upon the assumption that the individual has within himself, not only the ability to solve his own problems satisfactorily, but also this growth impulse that makes mature behavior more satisfying than immature behavior.' Die speel van die kind is in hierdie benadering self 'n helingsproses (Cattanach 1992:39). Spelterapie is dan 'n geleentheid wat deur die kind benut kan word om te groei onder meer gunstige omstandighede as waarin hy hom in sy lewe bevind (Axline 1989:14).

Die non-direktiewe benadering in spelterapie laat die verantwoordelikheid aan die kind oor. Daar word baie min beperkings gestel en die kind word die geleentheid gebied om teen sy eie tempo te groei en te ontwikkel. Gil (1991:35) beskryf dit soos volg: 'The child is allowed and encouraged to choose the toys

to play with and is given the freedom to develop or terminate any particular theme.' In die non-direktiewe benadering in spelterapie vervul die terapeut 'n meer passiewe rol (West 1992:13). Die kind speel 'n meer aktiewe rol in die non-direktiewe benadering omdat hy meer van die leiding neem en die terapeut 'n meer deelnemer/waarnemer rol inneem (Hart *et al* 1992:3).

Die non-direktiewe benadering hou verband met die kliënt-gesentreerde benadering wat Carl Rogers uitgewerk het. In hierdie persoons-gesentreerde benadering is die terapeutiese verhouding van die allergrootste belang. Die terapeutiese verhouding word deur Axline (aangehaal deur Gil 1991:31) as die beslissende faktor in die non-direktiewe benadering van spelterapie beskou. Baie aandag moet met ander woorde gegee word aan die skep van 'n warm, nie veroordelende verhouding en die speelkamer speel 'n belangrike rol in die skep van so 'n klimaat (Axline 1989:14-15). Moustakas (aangehaal deur Cattanach 1992:40) beskryf hierdie verhouding so: 'This relationship between child and therapist should be one of respect and acceptance of the child by the therapist.'

In die **direktiewe benadering** speel die terapeut 'n aktiewe rol. Die terapeut aanvaar meer van die verantwoordelikheid en bepaal die tema en die inhoud van die speel geleentheid (Hart *et al* 1992:3). Die terapeut kan ook in die beplanning van 'n intervensie program, voorlopig besluit watter speltegnieke gebruik gaan word (Schoeman & Van der Merwe 1996:61). Die individuele kind sal egter in gedagte gehou moet word deur die terapeut. Die meer aktiewe rol van die terapeut in die direktiewe benadering word ook deur Gil (1991:36)

beklemtoon. 'Directive therapists structure and create the play situation, attempting to elicit, stimulate, and intrude upon the child's unconscious, hidden processes or overt behavior by challenging the child's defensive mechanisms and encouraging or leading the child in directions that are seen as beneficial.' Die verantwoordelikheid berus op die terapeut om leiding te gee (Axline 1989:8). Gil (1991:36) wys daarop dat die direktiewe benadering meer gerig is op die korttermyn en meer simptomaties georiënteerd is. Die direktiewe benadering kan beskryf word as sterk doel- georiënteerd en in die proses speel die terapeut 'n belangrike rol.

Speltegnieke word in sowel die non-direktiewe as die direktiewe benadering gebruik. Die wyses waarop die speltegnieke gebruik word verskil egter van mekaar. Die terapeut sal die tegniek(e) aanwend in ooreenstemming met sy vertrekpunt, hetsy dit dan die non-direktiewe of die direktiewe benadering is. Die voorbeeld wat Gil (1991:36) gebruik spreek vanself. 'A nondirective therapist might provide the child with ample opportunities for art work or story telling with puppets whereas a directive therapist might ask the child to draw specific things or tell an exact story.' DelPo en Frick (aangehaal deur Hart *et al* 1992:3) wys egter daarop dat die doel dieselfde bly, naamlik om die kind 'n geleentheid te bied waardeur die kind interne konflikte kan oplos en moeilike ervarings meer suksesvol kan hanteer.

Die gebruik van spel in terapie het, vandat dit vir die eerste keer deur Sigmund Freud gebruik is, 'n groot invloed uitgeoefen in die veld van terapeutiese werk

met kinders. Verskillende denkrigtings en teorieë het die lig gesien, almal wat spel op een of ander wyse as terapeutiese tegniek gebruik. Vandag word dit algemeen gebruik in die veld van psigoterapie en maatskaplike werk met kinders.

1.2 DIE FUNKSIES VAN SPEL VIR DIE KIND

Die grootste gedeelte van 'n kind se dag word bestee aan speel (Louw 1995: 299). Die spel van die kind is nie 'n geforseerde of beplande aktiwiteit nie. Speel is vir die kind 'n doel op sigself (Louw 1995:302). Die speel van 'n kind word gekenmerk deur die feit dat dit in wese vrywillig is en dat dit meeste van die tyd gedoen word vir die plesier daarvan (Gil 1991:27). Die belangrikheid van spel vir die kind word goed deur Johnston (1997:102) saamgevat: 'Spontaneous, enjoyable, voluntary, and non-goal directed play is the central activity of childhood.'

Die erns en belangrikheid van spel vir die kind word dikwels deur volwassenes onderskat. Die redes is dat volwassenes speel nie beskou as werk nie en dat speel dikwels as kinderagtig beskou word (Cattanach 1992:29). Spel is egter van groot betekenis vir die kind. Isaacs (aangehaal deur Cattanach 1992:29) verwoord dit soos volg: 'Play is the child's life and the means by which he comes to understand the world he lives in.'

> Playing is how children try out and learn about their world. Play is therefore essential for healthy development. For children, play is serious, purposeful bussiness through which they develop mentally, physically, and socially. Play is the child's form of self-therapy through which confusions, anxieties and conflicts are often worked through. Through the safety of play children can try out their own new ways of being. Play performs a vital function for the child. It is far more than just the frivolous, lighthearted, pleasurable activity that adults usually make of it. Play also serves as a symbolic language ... Children experience much that they cannot as yet express in language, and so they use play to formulate and assimilate what they experience.
>
> (Axline aangehaal deur West 1992:11)

Kissel (1990:19) het tot die gevolgtrekking gekom dat spel vir die kind baie funksies het. Die kind speel egter nie om hierdie funksies te vervul nie, hy speel die meeste van die tyd net omdat speel, speel is (Louw 1995:302). Die funksies of waarde wat spel vir die kind het, kan ingedeel word deur dit te verbind aan die fisiese en kognitiewe, sosiale, emosionele en self-konsep ontwikkeling by die kind (Louw 1995:302).

Spel is belangrik in die **fisiese en kognitiewe ontwikkeling** van die kind. Deur middel van spel word hy dikwels voor probleme gestel. Gedurende spel word die kind gekonfronteer met die eise wat die spel aan hom stel. So leer hy deur spel

uiteindelik probleem-oplossings vaardighede aan (Louw 1995:303, Gil 1991:27). Die kind leer dus dat daar ook ander moontlikhede bestaan en dit ontwikkel weer sy kreatiwiteit (Cattanach 1992:30). Die kind kry tydens spel ook die geleentheid om vaardighede in te oefen en aan te leer. Kissel (1990:19) skryf oor die waarde van spel vir kinders die volgende: 'It gives them an opportunity to master actively that which may have been experienced passively.' Die bemeestering van nuwe vaardighede laat die kind ook besef wat hy/sy kan doen en wat sy/haar beperkings is (Louw 1995:303).

Spel dra ook by tot die **emosionele ontwikkeling** van kinders. Gedurende spel word die geleentheid geskep vir die kind om emosies en frustrasies uit te speel (Nickerson aangehaal deur Gil 1991:27). Spel skep vir die kind 'n veilige ruimte waarbinne uitdrukking gegee kan word aan aggressie en opgekropte gevoelens. 'Play enables children to express aggression and buried feelings, and can be a bridge between phantasy and reality.' (West 1992:11) Die positiewe waarde van spel word ook deur Fein (aangehaal deur Louw 1995:303) beklemtoon deur te wys op die genot wat die kind daaruit put asook die gevoel van bemeestering wat dikwels met spel gepaard gaan.

Spel skep ook vir die kind die geleentheid om weg te kom van **bedreigende situasies**. Hierdie situasies word in spel simbolies uitgebeeld en dan kan die kind uitdrukking gee aan sy vrese en bekommernisse in 'n veilige situasie (Hartup aangehaal deur Louw 1995:303). Spel, waar gebruik gemaak word van fantasie, bied ook die geleentheid om uitdrukking te gee aan gevoelens

waaraan die kind nie normaalweg uiting gee nie of nie toegelaat word om uitdrukking aan te gee nie (Louw 1995:303). In hierdie opsig bied spel aan kinders die geleentheid om in 'n veilige omgewing te waag met hulle emosies.

Die **sosiale ontwikkeling** van die kind is 'n belangrike deel van 'n kind se totale ontwikkeling as mens in die wêreld en mens as deel van 'n wêreld. Erikson (aangehaal deur Gil 1991:27) beskryf spel as 'an "emotional laboratory" in which the child learns to cope with his/her enviroment.' Die kind leer veral deur die speel met ander kinders ook algemeen aanvaarde gedrag aan (Louw 1995:303). Die kind moet aanpassings maak in sy/haar gedrag om nie deur ander verwerp te word nie. In 'n kind se spel word verskillende rolle aangeneem. So leer die kind dat daar in die lewe verskillende rolle is wat sekere spesifieke gedrag tot gevolg het. Die kind leer ook dat rolle uitruilbaar is en dat samewerking in die lewe nodig is (Fein aangehaal deur Louw 1995:303). Die kind se egosentrisme word deur spel verminder deurdat daar geleer word dat ander ook 'n sê het. Spel bied aan die kind die geleentheid, nie om net meer van die wêreld om hom te leer nie, maar ook van die belangrikheid van verhoudings in die lewe (West 1992:11).

Die waarde van spel vir die kind sluit ook die ontwikkeling van die kind se **self-konsep** in. Cattanach (1992:29) kom tot die gevolgtrekking dat: 'As the child grows an develops, she makes meaning about herself and the physical and social world around her, and it is through the medium of play that the child discovers self.' Die kind ontdek homself/haarself in 'n sekere sin deur spel. Die

kind leer deur spel om te identifiseer met 'n geslagsrol en ontdek sy/haar persoonlike eienskappe en vermoëns (Louw 1995:303). Die terugvoer van ander asook die kind se eie gedrag laat die kind toe om dit van homself/haarself te leer.

Om te speel is van onskatbare waarde vir die ontwikkeling van die kind. Spel in die lewe van die kind het daarom verskillende funksies in sy ontwikkelingsproses. Die waarde van spel vir die kind word deur Johnston (1997:102) beklemtoon. 'Play offers children an effective and concrete method for revealing many aspects of their inner worlds such as reactions and feelings resulting from past experiences, wishes, wants and needs for the future, and perceptions of self.' Die een funksie van spel mag egter nie bo 'n ander verhef word nie, maar die belangrikheid van spel in die totale ontwikkeling van die kind moet raakgesien word. 'From the manifold functions of playing, play for the child, represents a total experience of all aspects of life and it enables him to find his place in life.' (Louw 1995:303)

1.3 DIE WAARDE EN FUNKSIES VAN SPEL TYDENS TERAPIE

Die gebruik van spel wanneer daar met kinders gewerk word wat probleme ervaar, is geen nuwe verskynsel nie. Spel vervul sekere funksies in die ontwikkeling van 'n kind. Om te speel is eie aan die kind, maar die gebruik van spel in terapeutiese werk met kinders hou baie voordele in. Lester (1985:85)

beskryf dit soos volg: 'Because play is the child's world, we must go into that world to gain most complete access to the child's thoughts and feelings.'

Die gebruik van spel in terapeutiese werk met kinders vervul ook sekere funksies. Wanneer spel as terapeutiese tegniek gebruik word, bied dit aan die terapeut die geleentheid om iets van die **leefwêreld** van die kind te **verstaan** en te **beleef.** Die gebruik van spel word deur Erikson (aangehaal deur Lester 1985:85) beskryf as 'the royal road to the understanding of children's perceptions of the world and their attempts to make sense of the world they percieve.'

Die terapeut word deur spel instaat gestel om die kind nie net beter te verstaan nie, maar ook om 'n meer **intieme verhouding** met hom/haar te vestig (West 1992:11). Spel dien so as 'n aanknopingspunt tussen kind en terapeut. In spelterapie is dit reeds die vestiging van 'n verhouding wat van die allergrootste belang is (Schoeman & Van der Merwe 1996:22). Die verhouding wat ontwikkel tussen kind en terapeut deur die spel aktiwiteite, is die hoeksteen van alles wat daar gebeur (Kissel 1990:20, Schoeman & Van der Merwe 1996:22). Lester (1985:86) beklemtoon ook die waarde van spel vir die vestiging van 'n warm, vriendelike verhouding.

Die gebruik van spel skep vir die kind 'n forum waardeur die kind kan **kommunikeer**. Kissel (1990:19) kom tot die gevolgtrekking dat: 'Play, a natural medium for children, is talk for a child in the playroom.' Verskeie tegnieke wat

spel inkorporeer kan gebruik word om kommunikasie tussen kind en terapeut te verbeter (Schoeman & Van der Merwe 1996:22). Kinders se vermoë om verbaal te kommunikeer is beperk, maar kinders kan hulleself gewoonlik beter uitdruk deur van spel gebruik te maak (Bray aangehaal deur West 1992:11). Axline (1989:8) beskou spel as 'n natuurlike medium vir die kind om homself/haarself uit te druk.

Kinders worstel dikwels met baie opgekropte emosies en vrese. Die gebruik van spel deur die terapeut bied aan die kind 'n geleentheid om binne 'n veilige plek te **ontlaai**. Spel kan gebruik word om die kind te help om negatiewe emosies soos woede op 'n meer aanvaarbare manier tot uiting te laat kom (Kissel 1990:20). Die kind kan ook gehelp word om vrese te oorkom deur die kind deur middel van spel te bemagtig (Kissel 1990:20). Die doelbewuste gebruik van spel kan daartoe bydra dat die kind minder angstig en meer ontspanne is. Dit geld vir sowel die kind wat vir die eerste keer die terapeut ontmoet as vir die kind wat van nature angstig is. Kissel (1990:20) stel voor dat: 'Play, with the tense an anxious child, can be used to mildly distract from worries so they can develop better coping strategies and skills.'

Die gebruik van spel hou verder die voordeel in dat die **kind** gehelp kan word om **insig** te kry ten opsigte van die kind se **eie menswees** en die **wêreld** waarin die kind hom bevind. Kissel (1990:20) beklemtoon dat spel kan gebruik word om die kind te help om beter insig te kry ten opsigte van verhoudings waarmee probleme ervaar word. Kinders het nie altyd die geleentheid om hulle

gevoelens teenoor mense wat baie naby aan hulle is te ondersoek nie. Spelterapie bied volgens West (1992:13) 'n unieke geleentheid vir die kind om, in 'n verhouding met 'n objektiewe volwassene, dit wel te kan doen.

Die kind se **inhibisies** word ook deur spel **verminder**, sodat dit makliker is om meer van die kind se eie menswees aan ander bekend te maak. So leer nie net die kind meer van die kind se eie menswees en sy/haar wêreld nie, maar leer die terapeut ook meer van die kind en die kind se leefwêreld. Hierdie proses word deur Lester (1985:86) so beskryf: 'In the process of play, they let us know more completely who they are and what they are up against.' Spel kan met ander woorde die funksie vervul van **assessering** wanneer dit gebruik word in terapie met kinders.

'n Belangrike funksie wat die gebruik van spel vervul is dat daar aan die kind en terapeut 'n **geleentheid** gebied word om te **leer**. In 'n meer direktiewe benadering kan hierdie geleentheid om te leer dalk beter omskryf word as 'n geleentheid vir die terapeut om te onderrig. Die kind kan nuwe oplossings of meer aanvaarbare gedrag deur middel van spel inoefen (Schoeman 1995:72).

Die gebruik van spel vervul 'n baie belangrike rol in terapeutiese werk met kinders. Lester (1985:85) beklemtoon dit soos in sy definisie van spelterapie: 'Play therapy is the structured use of play activity that allows children to project their inner perceptions onto objects in the playroom and express their

suppressed emotions in what they percieve to be (and actually is) a safe context.'

'n Saak wat ook nou saamhang met die verhouding tussen kind en terapeut, is die omgewing of **atmosfeer** wat deur spel geskep word. Spel skep vir die kind 'n veilige ruimte waarbinne hy homself kan wees. Die speelkamer vervul hierin 'n baie belangrike rol.

> The play therapy room is good growing ground. In the security of this room where the child is the most important person, where he is in command of the situation and of himself, where no one tells him what to do, no one criticizes what he does, no one nags, or suggests, or goads him on, or pries into his private world, he suddenly feels that here he can unfolds his wings; he can look squarely at himself, for he is accepted completely; he can test out his ideas; he can express himself fully; for this is his world, and he no longer has to compete with such other forces as adult authority or rival contemporaries or situations where he is a human pawn in a game between bickering parents, or where he is the butt of someone else's frustrations and aggression.
>
> (Axline 1989:15)

Die gebruik van spel in terapeutiese werk met kinders bied aan die kind en die terapeut 'n wonderlike geleentheid. Landreth (aangehaal deur Johnston

1997:103) beskryf dit soos volg: 'Play therapy is designed to assist children in learning about themselves and their world. Therefore, the primary objective of play therapy is not to solve the problem but rather to help the child to grow.'

1.4 BELANGRIKE UITGANGSPUNTE IN TERAPEUTIESE WERK MET KINDERS

Die mees grondliggende basis vir die gebruik van spel in terapie met kinders is volgens Axline (1989:8) die feit dat spel die natuurlike medium is waardeur die kind uitdrukking gee aan homself.

Die hulp wat onder andere in die veld van maatskaplike werk aan mense verleen word het ten doel om verligting te bring vir die nood en probleme van mense (Schoeman & Van der Merwe 1996:6). Dieselfde geld ook vir hulpverlening in psigoterapie. Kinders is outomaties deel van hierdie soeke na oplossings. Die hulp wat verleen word is met ander woorde gerig op groei in die kind (Axline 1989:14). Die hulp wat in spelterapie aan die kind verleen word het 'n unieke karakter. Daar is 'n paar faktore wat bydra tot die unieke karakter van terapeutiese werk met kinders.

1.4.1 DIE KIND AS KLIËNT

Volgens Schoeman en Van der Merwe (1996:6) dra onder andere die unieke karakteristieke van die kind as kliënt by tot die unieke karakter van

hulpverlening aan kinders. Die unieke karakter van die hulpverlening aan kinders word veral duidelik as die kind as kliënt gekontrasteer word met die volwassene as kliënt.

Die kind as kliënt verskil ten opsigte van die volwassene as kliënt. Hierdie verskille kan aan 'n paar faktore toegeskryf word. Die kind verkeer op 'n ander vlak van ontwikkeling as die volwassene (Schoeman & Van der Merwe 1996:7). Kissel (1990:12) kom tot die gevolgtrekking dat: 'Childhood is basically a development time in a person's life.' Die lewensfase van kind wees is 'n tydperk van snelle groei en ontwikkeling.

Die **ontwikkelingsfase** waarin die kind verkeer het tot gevolg dat hy/sy in sy totaliteit as mens daardeur geraak word. Die kind is besig om te ontwikkel op kognitiewe, emosionele, sosiale en fisiese vlak (Kissel 1990:12). Die een beïnvloed die ander, maar word tergelyketyd weer deur die ander beïnvloed. Kinders kan onderling ook weer in verskillende ontwikkelingsfases verkeer (West 1992:18). Die terapeut moet bewus wees van die kind se fase van ontwikkeling en dit in berekening bring wanneer daar met kinders gewerk word. Ten opsigte van die kind se kognitiewe ontwikkeling wys Kissel (1990:15) daarop dat: 'The play therapist needs to be aware of the cognitive changes children undergo to be able to appropriately verbalize to the child and also know what the child may or may not be comprehending.'

'n Volgende faktor, naas die ontwikkelingsfase waarin die kind verkeer, wat 'n onderskeid bring ten opsigte van die volwassene as kliënt, is **kommunikasie**. Die wyse waarop 'n kind kommunikeer verskil van die van die volwassene of die adolossent. Die verbale vermoë van die kind is beperk en daarom maak die kind meer van nie-verbale kommunikasie gebruik, veral deur middel van spel (Schoeman & Van der Merwe 1996:7). Die verskil in die wyse van kommunikasie stel ook 'n eis aan die terapeut. Die terapeut moet volgens Schoeman en Van der Merwe (1996:7) eenvoudige taal en gepaste gesigsuitdrukkings gebruik.

> The world of a child is vastly different from that of an adult. An adult's world is often filled with abstract, theoretical, intangiblerealities which are easily understood from the adult's verbal perspective. A child's world, however, is often composed of concrete, applied, and material realities which can be communicated only through more physical means such as play.
>
> (Johnston 1997:102)

Die mate waarin daar van spel gebruik gemaak kan word in terapeutiese werk met kinders sal ook bepaal word deur die karakteristieke eienskappe van elke individuele kind. Die verbale vermoë asook die ontwikkelingsfase van elke kind sal 'n rol speel. Spel kan veral gebruik word tydens terapie met kinders in die ouderdomsgroep 3-10 jaar, maar dit kan slegs as 'n riglyn dien en nie as 'n absolute afbakening geld nie. Die terapeut sal, met inagneming van die kind,

moet besluit of die gebruik van hoofsaaklik spel, of 'n meer verbale vorm van terapie, die beste by die kind gaan pas.

1.4.2 DIE TERAPEUT

Die **eienskappe** waaroor die terapeut moet beskik, is 'n verdere faktor wat aan hulpverlening aan kinders, 'n unieke karakter gee. Schoeman en Van der Merwe (1996:9) laat hulle soos volg hieroor uit: 'A good foundation for someone wanting to do this job is to have a basically positive feeling for children.' Begrip vir die kind en 'n opregte belangstelling in hom word ook deur Axline (1989:58) beklemtoon. Die rol wat die terapeut speel gaan in 'n baie groot mate afhang of 'n direktiewe of 'n non-direktiewe benadering gevolg gaan word. Die eienskappe waaroor die terapeut moet beskik gaan egter weinig daardeur beïnvloed word.

Die terapeut wat met kinders werk, moet **verantwoordelik** wees aangesien kinders baie sensitief is (Schoeman & Van der Merwe 1996:10, Axline 1989:59). Die terapeut het 'n verantwoordelikheid teenoor die kind en moet daarom baie versigtig wees wat gesê of gedoen word. Onverantwoordelike optrede deur die terapeut kan groot skade aan die kind berokken en die trauma van 'n reeds getraumatiseerde kind net nog groter maak.

Die kind vereis besonderse **deursettingsvermoë en kalmte** van die terapeut. Soms kan dit baie tyd en kalmte verg voordat die kind se vertroue gewen is en die kind oopmaak vir die terapeut. Axline (1989:58-59) beskryf die terapeut soos

volg: 'She has a kindly patience and a sense of humor that relaxes the child, puts him at ease, and encourages him to share his inner world with her.' Die eienskappe van die terapeut soos bespreek deur Schoeman en Van der Merwe (1996:10-11) en Axline (1989:58-61) is sekerlik eienskappe waaroor enige terapeut moet beskik.

Alhoewel die terapeut wat met kinders werk, eienskappe deel met ander terapeute is daar tog 'n eienskap van die terapeut wat spesiaal is. Die unieke van die terapeut wat met kinders werk, is iets wat alreeds genoem is naamlik die **houding of ingesteldheid** van die terapeut. Die terapeut wat met kinders werk moet oor die vermoë beskik om vir die kind 'n maat te word. Dit vra iets meer van die terapeut as wat gewoonlik gevra word in ander terapeutiese situasies. Die terapeut sal met ander woorde in kontak moet wees met sy eie kind-wees. In die terapeutiese verhouding is dit van die allergrootste belang dat die terapeut 'n vriend en 'n speelmaat van die kind sal moet wees. Die kind sal nie spontaan sy/haar gevoelens met 'n vreemdeling deel of spontaan speel nie, maar sal dit meer spontaan met 'n maat deel (Schoeman & Van der Merwe 1996:30).

Die eis wat aan die terapeut gestel word om 'n vriend of speelmaat van die kind te word, gee aan die terapeutiese werk met kinders 'n unieke karakter. Dit vra meer as net 'n empatiese houding of ingesteldheid van die terapeut. Die terapeut moet self weer in die proses kind word. Die terapeut kan nie op 'n afstand bly nie, maar moet self deelnemer word om sodoende die terapeutiese

verhouding te vestig. Axline (1989:59) vergelyk die terapeut met 'n kind se gunsteling onderwyser. 'Usually the favorite [sic] teacher has earned that distinction because of her basic attitudes toward [sic] her pupils - attitudes that usually stress kindliness, patience, understanding, and steadiness, with the added discipline of placing responsibility and confidence in the pupil.'

1.4.3 APPARAAT EN KONTEKS

Verskillende faktore beïnvloed terapeutiese werk met kinders en dit dra by tot die unieke karakter van hulpverlening aan kinders. Die feit dat daar van spel gebruik gemaak word, het tot gevolg dat **verskillende speelgoed** gebruik word. Die keuse van watter materiaal tydens die spel gebruik gaan word, word grootliks bepaal deur die terapeut se benadering en die kind se spesifieke probleem (Schoeman & Van der Merwe 1996:12). Die ontwikkelingsfase van die kind speel egter ook 'n rol in die keuse van materiaal wat met 'n spesifieke kind gebruik gaan word (West 1992:20). Dit is belangrik om daarop te let dat ook die plek van ontmoeting tussen die kind en terapeut, die keuse van die speelmateriaal gaan beïnvloed (Krall 1989:31).

Verskillende soorte speelmateriaal word voorgestel, maar daar is sekere kriteria waaraan hierdie speelmateriaal moet voldoen (Schoeman & Van der Merwe 1996:13-14). Krall (1989:31) noem dat die speelmateriaal die terapeut moet help om insig te kry in die lewe van die kind. Speelmateriaal word egter nie net

gebruik om insig te kry in die lewe van die kind nie. Die gebruik van spel tydens terapie met kinders vervul ook ander funksies soos reeds vroeër genoem.

Die speelmateriaal moet eenvoudig, maar ook duursaam wees (Axline 1989:50). Die gebruik van meganiese speelmateriaal moet sover as moontlik vermy word, want kreatiewe spel word nie daardeur bevorder nie (Axline 1989:49, Krall 1989:31). Dieselfde speelmateriaal moet gebruik kan word vir verskillende vorme van spel (Schoeman & Van der Merwe 1996:12). Die speelmateriaal word gebruik in ooreenstemming met die doel van 'n spesifieke vorm van spel. Speelmateriaal moet met ander woorde kreatief gebruik kan word binne die onderskeie vorme van spel.

Die **omgewing** waar daar met die kind gewerk word het 'n besonderse karakter. In baie gevalle maak die terapeut van 'n spesiaal toegeruste speelkamer gebruik. Die gevaar waarteen gewaak moet word is dat daar nie te veel stimuli teenwoordig is nie, want dit kan die kind se aandag te veel aftrek (Krall 1989:34) Die speelkamer moet so ingerig wees dat die kind gemaklik kan voel daarin. (Schoeman & Van der Merwe 1996:14). Skerp en helder kleure moet vermy word, aangesien dit die kind se aandag kan aftrek. Die vloere en die mure moet ook maklik skoon gemaak kan word en indien moontlik moet die speelkamer klankdig wees (Axline 1989:49, Schoeman & Van der Merwe 1996:14). Die speelkamer moet veilig wees vir kinders. Tafels en stoele moet laag genoeg wees vir die kind, aangesien die kind gemakliker voel as sy/haar voete die

grond raak wanneer daar gesit word (Schoeman & Van der Merwe 1996:14). Groot kussings kan ook as sitplekke gebruik word.

Die plek waar die speelgoed gebêre word het ook 'n invloed op die terapeutiese proses. Die speelmateriaal kan of in kaste gebêre word, of rakke kan voorsien word. Die voordeel van rakke is dat die kind self kan kies met watter medium hy wil werk (Axline 1989:51). Die nadeel wat aan rakke verbonde is, is dat die kind oorweldig kan word deur die groot hoeveelheid speelgoed (Krall 1989:34).

Die gebruik van 'n afsonderlike, spesiaal toegeruste speelkamer is nie absoluut noodsaaklik nie (Axline 1989:49). Schoeman en Van der Merwe (1996:12) skryf byvoorbeeld: 'It is quite possible to work with children while sitting on a river bank and playing with mud or clay.' 'n Gedeelte van die terapeut se kantoor kan ook gebruik word en herrangskik word om die kind te akkommodeer (Krall 1989:33). Talle ander moontlikhede kan ook benut word. Axline (1989:49) noem die volgende moontlikhede: 'Some of the therapy sessions described in this book took place in a specially equipped play therapy room; some in the corner of a regular schoolroom; some in the corner of an unused nursery, the therapist bringing the play materials in a suitcase for each meeting.'

Die karakteristieke van die kind as kliënt, die eise wat aan die terapeut gestel word en die unieke karakter van terapie met kinders en die faktore wat daarmee saamhang, dra by tot die unieke karakter van hulpverlening aan kinders.

2 VORME VAN SPEL

2.1 INLEIDING

Verskillende vorme van spel kan onderskei word. Elkeen van die verskillende vorme van spel het sy eie kenmerkendhede asook mediums wat daarmee verbind word. Dieselfde mediums kan egter gebruik word in verskillende vorme van spel.

2.2 ASSESSERINGSPEL

Assesseringspel word gebruik om die kind se vaardighede, sy/haar ontwikkelingsfase, verbale vermoë en algemene funksionering te probeer bepaal. Die eerste paar sessies is van die allergrootste belang voordat daar verder gegaan kan word na 'n meer veranderings georiënteerde fase in terapie (Jennings 1993:132). Assessering help die terapeut in die daarstel van 'n plan van behandeling en die spesifieke tegnieke wat gebruik kan word (Kissel 1990:21). Die verskillende aspekte waarna gekyk moet word, word soos volg deur Schoeman en Van der Merwe (1996:98) beskryf: 'When assessing individuals, the relevant aspects are the bio-physical, cognitive, perceptual, emotional, cultural, behavioural and motivational factors.' Die gebeure tydens assesseringspel word deur Jennings (1993:133) beskryf as 'n geleentheid om 'n voorraadopname te maak. Assessering is nie net beperk tot die begin fase van terapie nie, maar kan deurlopend gedoen word. Assesering kan ook na afloop

van intervensie gebruik word om vas te stel of daar wel verandering was of nie (Jennings 1993:134).

Die belangrikheid van assessering in die begin fase van terapie word nie betwyfel nie. Die wyse waarop dit gedoen word het egter verskillende moontlikhede. Jennings (1993:135) som dit soos volg op: 'The several play therapy orientations ... all emphasize the importance of play in diagnosis and assessment but demonstrate a very wide spectrum of approaches, which range from "the way in and follow the child" to the more "interpretive and psychoanalytic view".'

Verskillende tegnieke kan gebruik word tydens assesseringspel. Dit is egter belangrik om daarop te let dat baie van die tegnieke ook in ander vorms van spel gebruik kan word, maar tydens assesseringspel word dit met die primêre doel gebruik om die kind te assesseer. Schoeman en Van der Merwe (1996:106) beklemtoon die belangrikheid van assesseringspel vir die verdere verloop van die terapie so: 'The correct match between play form, technique, the child and problem or need is essential for effective services to the child. This match must already be accomplished in the begining phase of therapy.' Tydens assesseringspel moet daar ook gebruik gemaak word van tegnieke waarmee die terapeut gemaklik voel. Assesseringspel vra vir fyn waarneming deur die terapeut.

Bordspeletjies kan handig gebruik word in assesseringspel. Bordspeletjies word ook in ontspanningspel gebruik, maar met 'n ander doel en word dan ook later weer bespreek. Die volgende waarnemings kan volgens Schoeman en Van der Merwe (1996:98) deur die terapeut gemaak word tydens bordspeletjies: die kind se gedagtes, gevoelens en gedrag, verbale vermoë, aandag span, liggaamstaal, doelgerigtheid, vermoë om uitdrukking te gee aan gevoelens en sy/haar vlak van ontwikkeling. Verskeie van die bordspeletjies wat deur R A Gardner (1993b) ontwikkel is kan ook aangepas word vir gebruik in assesseringspel. **Speletjies** kan in die algemeen ook gebruik word om die groot en fyn motoriese vaardighede van die kind te bepaal.

Onvoltooide prentjies wat voltooi moet word en **prentjies** waar byskrifte bygevoeg moet word is nie net goeie ysbrekers nie, maar kan ook help met assessering. Hulle help die terapeut om die kind se ontwikkelingsfase en voorkeur van spelvorm te bepaal. Hierdie tegnieke lei ook die kind om iets van homself te openbaar (Schoeman & Van der Merwe 1996:102). 'n Prentjie van 'n muis kan byvoorbeeld gebruik word deur die kind op die gepaste plekke byskrifte te laat skryf van sy gunsteling kleur, klank, reuk, of iets om aan te vat. Onvoltooide prentjies en prentjies waar byskrifte gegee moet word, bied ook aan die terapeut die geleentheid om haarself aan die kind voor te stel. 'n Eenvoudige gesiggie wat voltooi moet word kan ook vir die terapeut 'n aanduiding gee van die kind se emosionele toestand, of hy kwaad, gelukkig, bang of hartseer is.

'n Plakkaat met planete van verskillende groottes kan gebruik word en die kind moet dan die name van mense of plekke wat vir hom/haar belangrik is, daarop invul. Variasies van hierdie tegniek word deur Schoeman en Van der Merwe (1996:105) gegee. 'n Trossie druiwe, waar die druiwekorrels gebruik word of die blare van 'n roosknop is interessante alternatiewe.

Die gebruik van **handpoppe** tydens assesseringspel is volgens Irwin (1993:70) nog nie ten volle ontgin nie. Handpoppe leen hulleself tot 'n verskeidenheid van moontlike gebruike. Die terapeut moet hierdie medium kreatief benut as tegniek tydens assesseringspel. Shapiro (aangehaal deur Irwin 1993:70) gebruik handpoppe om 'n semi-gestruktureerde onderhoud te voer. In die loop van die onderhoud word waardevolle inligting oor die kind versamel.

Talle **assessering vorms** is ook beskikbaar. Die kind moet egter in gedagte gehou word wanneer daar van vorms gebruik gemaak word. Die vorms moet so verbruikersvriendelik as moontlik vir die kind wees. Die vorms moet eenvoudig, duidelik en visueel aantreklik wees vir die kind (Schoeman & Van der Merwe 1996:105).

Irwin (1993:69) het die volgende gevind: 'To gain a multidimensional picture of the personality through play, a variety of media has been used, including dolls, art materials, miniature life toys, blocks, games, sand play materials and puppets.' Die gebruik van 'n spesifieke medium is nie net beperk tot 'n sekere vorm van spel nie, maar oorvleueling kom voor. Die doel van 'n spesifieke vorm

van spel sal onder andere die gebruik van 'n sekere medium bepaal. Die doel van assesseringspel is primêr om meer van die kind te leer.

2.3 ONTSPANNINGSPEL

Ontspanningspel word in terapie met kinders vir 'n spesifieke doel gebruik. Hierdie doel van ontspanningspel word deur Schoeman en Van der Merwe (1996:77) beskryf as: 'Relaxation play is mostly directed towards the attainment of process goals, namely to prepare the child for the helping process by attaining the correct level of tension so as to ensure that he finds the helping process worthwile.' Hierdie vorm van spel word veral in die begin fase van terapie gebruik om die kind gereed te maak vir die meer veranderings georiënteerde fase van terapie. Ontspanningspel kan ook goed gebruik word aan die einde van die terapeutiese proses en elke individuele sessie met die kind (Schoeman & Van der Merwe 1996:77).

Spesifieke tegnieke kan gebruik word om die kind te laat ontspan en op sy/haar gemak te laat voel. Verskillende tegnieke wat in ander vorms van spel gebruik word het egter ook ontspannings waarde. Die tegnieke wat tydens ontspanningspel gebruik word, se primêre funksie is om die kind te laat ontspan. Dit kan egter nie ontken word dat hierdie tegnieke ook nie terapeutiese waarde vir die kind kan hê nie. Ontspanningspel op sy eie is nie terapie nie en moet altyd saam met ander tegnieke gebruik word (Schoeman & Van der Merwe 1996:77).

Die primêre funksie van **musiek** tydens ontspanningspel is om die kind te laat ontspan. Die waarde van musiek is egter nie net beperk tot ontspanning nie. Musiek kan volgens Smith (aangehaal deur Schoeman & Van der Merwe 1996:78) op twee maniere deur die terapeut gebruik word. Musiek kan eerstens gebruik word om die regte terapeutiese klimaat te skep en kan dan tweedens gebruik word vir verdere bespreking. In laasgenoemde geval is die woorde van die musiek instrumenteel. Musiek kan ook saam met tekeninge gebruik word om die terapeutiese proses aan te help (Schoeman & Van der Merwe 1996:78). Die lirieke kan later ook weer terapeuties gebruik word om byvoorbeeld die kind se selfbeeld te verbeter. Verskillende musiekinstrumente kan deur die kind gebruik word om sy emosies uit te druk. Musiek kan met dansbewegings gekombineer word. Dit help nie net die kind om te ontspan nie, maar help ook om ontslae te raak van oortollige energie (Schoeman & Van der Merwe 1996:78). Die klem val hier, anders as by musiekterapie, op ontspanning. Die terapeut wat met musiek as terapeutiese metode wil werk, behoort 'n goeie opleiding in musiek te hê.

Sekere **asemhaling en spierontspanningstegnieke** kan die kind ook help om te ontspan. Die terapeut moet egter 'n goeie kennis hê van hierdie tegnieke voordat dit gebruik kan word (Schoeman & Van der Merwe 1996:80). Verskillende asemhalingstegnieke word deur Kissel (1990:72-73) beskryf. Die asemhalingsoefening leer die kind om sy/haar asemhaling te beheer en dit help om te ontspan. 'n Verdere tegniek wat Kissel (1990:73-74) beskryf kan in 'n

minuut voltooi word. Hierdie oefening behels die afsonderlike saamtrek en ontspan van sekere spiergroepe terwyl die kind sy/haar oë oop of toe kan maak. Die voordele van asemhaling en spierontspanningstegnieke is dat dit maklik deur die kind aangeleer kan word. Die kind kan hierdie tegnieke ook op sy/haar eie doen sonder die hulp van die terapeut. 'n Belangrike voordeel vir die kind is dat hy/sy hierdie tegnieke self kan gebruik wanneer die kind hom/haar in spanningsvolle situasies bevind tussen terapeutiese sessies.

Die bou van **legkaarte** word deur Porter (aangehaal deur Schoeman & van der Merwe 1996:80) beskou as 'n ontspanningsaktiwiteit vir kinders. Behalwe die ontspanningswaarde wat die bou van 'n legkaart het, kan die bou van 'n legkaart ook terapeutiese waarde hê. Die bou van 'n legkaart kan metafories gebruik word om die wyse waarop terapie die kind bou en verander, uit te beeld (Schoeman en Van der Merwe 1996:80). Die bouproses leer die kind ook dat daar, soos tydens die bou van 'n legkaart, om hulp gevra kan word as 'n mens nie verder kan of weet nie.

Bordspeletjies en speletjies in die algemeen is vir kinders lekker. Speletjies is 'n belangrike medium wat gebruik kan word vir ontspanning. Dambord kan byvoorbeeld gespeel word aan die einde van 'n spanningsvolle sessie om die kind weer te laat ontspan (Gardner, R A 1993a:262). Die speel van dambord het vir R A Gardner (1993a:261) nie baie terapeutiese waarde nie, maar wel die voordeel dat spanning daardeur verminder kan word. Bordspeletjies wat gebruik word moet nie te moeilik en ingewikkeld wees nie, want dan gaan die

ontspanningseffek daardeur verlore. Bordspeletjies moet ook nie baie tyd in beslag neem nie. Ander speletjies wat deur Ghiasi en Richardson (aangehaal deur Schoeman & Van der Merwe 1996:81) aanbeveel word is dat die kind en die terapeut voorgee om die volgende voor te stel:

* 'n roosknop wat oopgaan
* 'n son wat opkom
* 'n kers wat brand of smelt
* 'n sneeuman wat smelt.

Die speletjies wat gebruik word moet so gekies word dat dit by die kind pas en sy/haar voorkeure akkommodeer.

Bordspeletjies en ander speletjies kan ook verdere waarde hê. Die terapeut kan dit gebruik vir assessering. Inligting kan versamel word oor die kind deur te let op sy/haar reaksies wanneer hy/sy wen of verloor tydens bordspeletjies (Gardner, R A 1993a:248). Speletjies in die algemeen verbeter die kommunikasieproses en help bou aan die verhouding tussen die kind en die terapeut (Schoeman & Van der Merwe 1996:81).

Dit moet altyd in gedagte gehou word dat terapie vir kinders 'n element van plesier moet bevat. Die gebruik van ontspanningspel tydens terapie is daarom van onskatbare waarde. Dit baan die weg vir ander vorms van spel. Benson (aangehaal deur Kissel 1990:72) noem die volgende vier faktore wat bydra tot ontspanning:

* 'n Stil omgewing

* 'n Gemaklike posisie
* 'n Gedagte of voorwerp waarop jy jou gedagtes kan fokus
* 'n Passiewe houding waardeur afleiers geïgnoreer kan word en aandag gefokus bly op die gedagte of voorwerp.

Die terapeut moet werk aan die skep van 'n gemaklike en vriendelike atmosfeer sodat die kind kan ontspan en gemaklik kan voel.

2.4 GEDRAMATISEERDE SPEL

Gedramatiseerde spel bied aan die kind 'n geleentheid om iets van homself/haarself deur spel te projekteer. Die kind kry geleentheid om verskillende situasies uit te speel. 'n Handige samevatting van wat met gedramatiseerde spel bedoel word, word deur Porter (aangehaal deur Schoeman 1995:89) aangebied. 'Wanneer daar sprake is van gedramatiseerde spel, is dit dié spel waarin die kind geleentheid gebied word om situasies uit te speel, te dramatiseer.' Gedramatiseerde spel impliseer die aanneem van verskillende rolle deur die kind en dikwels ook die terapeut. Die kind word deur gedramatiseerde spel direk betrek. Die kind kry ook die geleentheid om verskillende rolle aan te neem en uit te speel. Die uitspeel van 'n rol beteken nie net 'n verbale aksie nie, maar sluit ook nie-verbale interaksie in (Schoeman & Van der Merwe 1996:130).

Gedramatiseerde spel kan op verskillende wyses gebruik word in terapie met kinders. Tydens terapie word daar dikwels gebruik van **rollespel**. Schoeman en

Van der Merwe (1996:130) beskryf dit soos volg: 'The child may play himself or a reversal of roles may take place in that he plays the role of one of his parents or other significant people.' Die verhouding tussen die rolspelers in die rollespel word uitgebeeld soos die kind dit beleef of ervaar in sy/haar lewe (West 1992:47). Sommige kinders skep ook 'n drama rondom 'n probleem wat hulle ervaar in hulle alledaagse lewe. Die aanneem van verskillende rolle bied dan die geleentheid om frustrasies en vrese te projekteer in hierdie drama. In rollespel kan die kind ook gevra word om verskillende rolle uit te speel byvoorbeeld die onderwyser, die dokter of die polisieman (Schoeman &Van der Merwe 1996:130).

Die gebruik van **handpoppe** is nog 'n medium wat dikwels deur terapeute gebruik word en wat in baie situasies gebruik kan word. Verskillende handpoppe kan gebruik word byvoorbeeld: Poppe wat die gesin uitbeeld, diere, hekse en towenaars, professionele persone en 'n magdom ander poppe (West 1992:48). Lester (1985:88) beveel aan dat handpoppe wat neutraal in geslag is gebruik moet word, maar sluit ook nie die gebruik van manlike en vroulike handpoppe uit nie. Kinders sal vanself 'n geslag aan die handpoppe toeken as dit nodig is. 'n Versameling handpoppe wat 'n verskeidenheid mense kan verteenwoordig blyk die oplossing te wees (Lester 1985:88, West 1992:48, Schoeman & Van der Merwe 1996:132).

Verskillende soorte handpoppe kan deur die terapeut gebruik word. Die verskillende soorte handpoppe word deur Kruger (aangehaal deur Schoeman &

Van der Merwe 1996:134) beskryf. Papierpoppe kan deur die kind, met die hulp van die terapeut, gemaak word. Die kind kan byvoorbeeld gesinslede teken en hulle dan as poppe gebruik. Indien die terapeut die tegniek bemeester het, kan marionette ook gebruik word. Vingerpoppe is ook baie gewild by kinders. Hulle pas oor die vingers en kinders kan hulle ook baie maklik self maak. Foto's of prentjies kan op die vingers geplak word of daar kan van 'n wye verskeidenheid, vooraf vervaardigde, vingerpoppe gebruik gemaak word. Handpoppe kan ook gebruik word in 'n poppekas. Die terapeut moet sy/haar kreatiwiteit en die beskikbare materiaal inspan in die vervaardiging van handpoppe sowel as gewone poppe (Schoeman & Van der Merwe 1996:134).

Kruger (aangehaal deur Schoeman & Van der Merwe) tref 'n belangrike onderskeid tussen die gebruik van handpoppe en **poppe**. 'Usually, dolls are not as mobile as puppets. The child often talks *to* the doll, but *through* the puppets.' Van der Merwe (aangehaal deur Schoeman & Van der Merwe 1996:132) het ook gevind dat kinders eerder 'n verslag gee van wat hulle doen wanneer hulle met poppe speel.

Die **telefoon en maskers** kan ook gebruik word in gedramatiseerde spel. Deur die gebruik van maskers kan nie net verskillende rolle uitgespeel word nie, maar kan die kind homself ook verplaas in 'n simboliese wêreld (Schoeman & Van der Merwe 1996:136). Die gebruik van 'n werklike telefoon kan sekere probleme veroorsaak (Van der Merwe aangehaal deur Schoeman & Van der Merwe 1996:135), maar 'n speelgoed telefoon kan ook gebruik word. Die kind kan

alleen met die telefoon speel en maak asof iemand anders aan die anderkant praat of die terapeut kan die persoon aan die anderkant wees.
Gedramatiseerde spel kan tot groot hulp wees in terapeutiese werk met kinders. Gedramatiseerde spel kan in verskillende fases van terapie gebruik word. Schoeman en Van der Merwe (1996:136) som dit soos volg op: 'In the beginning and final phases of therapy, it is helpful when trying to reduce the intensity of therapy. In the change-oriented phase of therapy, it is an aid when trying to reach deeper therapeutic intensity.' Gedramatiseerde spel word gebruik om die kind te help, om homself/haarself en sy/haar wêreld te ontdek, deur verskillende rolle en verhoudings aan te neem en hulle te projekteer op verskillende karakters of hulle uit te speel met handpoppe (West 1992:46).

Die waarde van rollespel is vir Levenson en Herman (1993:235) dat dit vir die terapeut insig gee in die wêreld van die kind. Verder bied dit ook die geleentheid om te sien hoe die kind deur ander gehanteer word en hoedanig so 'n verhouding is en laastens is dit vir die kind 'n nie-bedreigende tegniek waarby hy/sy betrek word. Rollespel kan baie goed gebruik word vir die inoefening van gedrag (Schoeman & Van der Merwe 1996:130). Rollespel help ook die kind om bewus te word van sy/haar emosies en deur rolle omruiling, van die kind en die terapeut, kan 'n verandering van gedrag in die kind plaasvind (Levenson & Herman 1993:230-233).

Die gebruik van handpoppe is 'n handige terapeutiese hulpmiddel. Handpoppe laat die kinders veilig voel. Lester (1985:87) beskryf dit soos volg: 'Interacting

with puppets is play; therefore children do not feel as threatened talking *to* a puppet or *through* a puppet as they feel when talking directly to an adult.' Die kind vertel makliker deur handpoppe van sy seer en pynlike ervarings. Handpoppe kan daarom ook gebruik word tydens assessering.

Tydens gedramatiseerde spel kan daar van verskeie mediums gebruik gemaak word. Gedramatiseerde spel bied aan die terapeut die geleentheid om inligting te bekom oor die kind en sy/haar wêreld. Dit bied ook aan die ander kant vir die kind 'n geleentheid om iets van homself/haarself en sy/haar wêreld te projekteer, ontslae te raak van intense gevoelens en insig te ontwikkel. Gedramatiseerde spel bied 'n uitstekende geleentheid vir gedragsverandering, hetsy deur die spel self of deur direkte beïnvloeding van die terapeut.

2.5 BIBLIO-SPEL

Die term biblio-spel dien as 'n sambreelterm vir verskillende vorme van spel. Daar bestaan heelwat meningsverskil of hierdie term nie dalk te eng gebruik word nie (Schoeman & Van der Merwe 1996:108). Biblio-spel impliseer die kreatiewe gebruikmaking van die geskrewe woord. Die definisie wat Schoeman en Van der Merwe (1996:108) van biblio-spel gee lui soos volg: 'Biblio-play is a form of play using books, reading, the written word and audio-visual media.' Die term biblio-spel kan steeds gebruik word, maar dan moet dit nie net verstaan word slegs in terme van die gebruikmaking van die geskrewe woord nie, maar

moet dan onder andere ook die gebruik van kinders se eie stories en oudiovisuele media insluit.

Biblio-spel leen hom daartoe om 'n groot verskeidenheid mediums op 'n kreatiewe wyse te kan gebruik. Howie, Crompton en Van der Merwe (aangehaal deur Schoeman & Van der Merwe 1996:108) is van mening dat lewensboeke, die skryf van briewe, opstelle, kaarte, kalenders, tydskrifte, foto's, dagboek, strokiesprente en emosionele barometers met sukses in biblio-spel gebruik kan word. Die gebruik van rekenaarspeletjies is 'n nuwe beweging wat baie potensiaal het (Johnson 1993:281).

Boeke en kinderverhale word ook deur baie terapeute met kinders gebruik. Gardner, R A (1993b:231) maak die volgende belangrike opmerking oor kinders en kinderverhale: 'Children often enjoy reading books and being read to from them.' Kinderverhale of stories kan deur die terapeut aan die kind voorgelees word of die kind kan dit self lees in die teenwoordigheid van die terapeut of alleen tuis.

Die keuse van die materiaal wat gebruik word, moet egter versigtig gehanteer word. R A Gardner (1993b:231) maan ook tot versigtigheid. 'Although these books can provide therapeutic benefit in a palatable format, it is important that therapists and parents select books that are appropriate to the child's intellectual and maturational level.' Hierdie vereiste word verder deur Schoeman en Van der

Merwe (1996:112) uitgebrei: 'The story should be in line with the child's circumstances and development stage.'

Die kriteria vir die keuse van boeke of verhale is veelvoudig. Die volgende kriteria word deur Schoeman en Van der Merwe (1996:112-113) uitgelig: Die terapeut moet bekend wees met die materiaal. Lang en gekompliseerde verhale moet liewers nie gebruik word nie. Die boek moet die probleem van die kind aanspreek en aansluit by sy gevoelens. Illustrasie is belangrik en word ook deur R A Gardner (1993b:231) beklemtoon, maar moet nie die kind se aandag onnodig aftrek nie. Die verhaal behoort 'n karakter te hê waarmee die kind kan identifiseer. Karakters moet positiewe hanteringsmeganismes aan die kind bied.

Die voordeel van boeke is dat daar reeds **literatuur bestaan** wat gebruik kan word. 'n Groot verskeidenheid onderwerpe word deur die verhale aangespreek (Gardner, R A 1993b:231). Die verhale berei kinders voor vir traumatiese gebeure soos hospitalisasie. Egskeiding en aannemings word behandel. So is daar ook talle boeke wat seksonderrig as tema het. Meeste van die boeke is egter in Engels geskryf en moeite sal gedoen moet word om dit ook in ander tale beskikbaar te stel. Terapeute sal op die hoogte moet bly van beskikbare boeke om sodoende 'n toepaslike keuse te kan maak vir elke kind (Schoeman & Van der Merwe 1996:116).

'n **Tweede moontlikheid** wat bestaan, is dat die terapeut self 'n verhaal skep om te gebruik. Die volgende kan as kriteria geld waaraan die kinderverhaal

moet voldoen (Schoeman 1995:92, Schoeman en Van der Merwe 1996:114-115):

* Veralgemening - ander mense ervaar ook soortgelyke probleme
* Identifikasie - moet met karakter in verhaal kan identifiseer
* Projeksie - moet gevoelens op karakters kan projekteer
* Modellering - moet gedrag op die van karakters kan bou
* Katarsis - moet gevoelens deur projeksie kan ontlaai
* Selfinsig - moet homself in verhaal kan herken

'n **Derde moontlikheid** wat gebruik kan word, is dat die kind self die verhaal vertel. West (1992:48) skryf: 'Some children tell stories, often "about a boy" or "about a girl", or a person or a animal with whom the child identifies.' Die belangrikheid van die storie wat die kind vertel is dat hy/sy daardeur belangrike inligting oor homself/haarself aan die terapeut bekend maak (Lester 1985:118). Die kind kan aangemoedig word om 'n storie te vertel oor sy prentjie of van ander handewerk. Stories word maklik vertel wanneer daar met skeppende spel gewerk word.

'n **Vierde moontlikheid** is 'n uitbreiding van die vorige moontlikheid. Hierdie tegniek staan beter bekend as 'The mutual storytelling technique'. Die persoon wat vir die ontwikkeling van hierdie tegniek verantwoordelik is, is Richard Gardner. Die basiese uitgangspunte van hierdie tegniek word deur Gardner, R A (1993b:5) soos volg beskryf: 'In this method the therapist elicits a self-created story from the child. The therapist then surmises its psychodynamic meaning

and then tells a responding story of his or her own. The therapist story utilizes the same characters in a similar setting, but introduces healthier resolutions and adaptations of the conflicts present in the child's story.'

'n Hulpmiddel om die kind aan te moedig om die storie te vertel is ook deur R A Gardner (1993b:7-10) ontwikkel. Die kind word uitgenooi om 'n eregas te wees op 'n denkbeeldige televisieprogram. Die formele aankondiging deur die aanbieder (die terapeut), word gevolg deur 'n paar algemene vrae aan die kind. Die kind word daarna gevra om sy/haar storie aan die gehoor te vertel. Die kind se storie word dan opgevolg deur die vertel van 'n storie deur die terapeut. Die kind moet na afloop van sy/haar vertelling die storie 'n naam of titel gee en die betekenis van die storie verduidelik. Die terapeut doen dieselfde na afloop van sy/haar vertelling.

Verdere tegnieke om kinders sover te kry om 'n storie te vertel is ook deur R A Gardner (1993b) ontwikkel. Die tegnieke inkorporeer speletjies, maar die basiese uitgangspunte bly dieselfde. R A Gardner (1993b:116-117) beskryf die verskil so: 'Whereas in the mutual storytelling technique no rewards are provided, in these games token chips are given, and the winner (the person who has accumulated the most reward chips) receives a prize.' Die beloning wat gee word, word gegee met 'n spesifieke doel waaroor R A Gardner (1993b:117) hom soos volg uitlaat: 'I am using them to reward the child for providing self-created free associations and stories, for psychotherapeutic use.' Beloning word met ander woorde nie gebruik soos deur terapeute in die behavioristiese benadering nie.

Die gebruik van kinderverhale of die vertel van stories het besliste voordele. Stories bied aan kinders 'n nuwe uitkyk op die lewe en die lewe se probleme (Lester 1985:117). Die vertel van stories stimuleer die kind se verbeelding en vergemaklik kommunikasie tussen die kind en terapeut (Louw 1994:153). Kinderverhale wat voorgelees of vertel word bied ook aan die kind 'n geleentheid om op 'n veilige afstand te bly, maar tegelyk ook betrokke te wees (Schoeman & Van der Merwe 1996:111). 'n Baie groot voordeel is dat dit ook die geleentheid bied tot verandering deur nuwe insigte (Louw 1994:154).

Die skep van 'n **lewensboek** word ook in biblio-spel gebruik. Schoeman en Van der Merwe (1996:117) gee die volgende definisie van 'n lewensboek: 'A life book is a visual or written record containing important information on the child's situation, which is presented to the child.' Die kind kan prente, foto's, sketse of die geskrewe woord gebruik om sy/haar eie lewensboek te konstrueer. Die kind bepaal waar daar met 'n lewensboek begin gaan word en 'n lewensboek hoef nie altyd in kronologiese volgorde te wees nie (Schoeman & Van der Merwe 1996:118).

Die gebruik van **dagboeke** sluit baie nou aan by die lewensboek. 'n Dagboek kan of op sy eie of saam met 'n lewensboek gebruik word. Die dagboek kan veral met ouer kinders gebruik word. Die kind kan gevra word om elke dag 'n stukkie te skryf en dit kan die volgende afspraak bespreek word (Lester 1985:133). 'n Interessante variasie word deur Schoeman en Van der Merwe

(1996:121) voorgestel in die plek van 'n geskrewe verslag. 'The child can also place coloured stickers, portraying various feelings, in the dairy. Stickers representing certain events can also be used.'

Soms is dit moeilik vir kinders om te verbaliseer, maar makliker om hulle gevoelens op skrif uit te druk (Schoeman & Van der Merwe 1996:124). In sulke gevalle kan die skryf van **briewe en gedigte** handig te pas kom. Gedigte en briewe is 'n manier waarop die kind uitdrukking kan gee aan opgekropte emosies wat nie maklik verbaal beskryf kan word nie. Briewe en gedigte kan eers suksesvol gebruik word as daar 'n vertrouensverhouding bestaan tussen die kind en terapeut.

Onvoltooide sinne word ook dikwels gebruik. Hierdie is 'n tegniek wat die kind kan laat ontspan en help bou aan 'n goeie verhouding tydens terapie. Verskillende kategorieë van onvoltooide sinne kan gebruik word (Lester 1985:127-129, Schoeman & Van der Merwe 1996:124) soos: gevoelens, voorkeure/afkeure, familie, geloof, wense, behoeftes en doelwitte. Die bedoeling is dat die kind die sin moet voltooi in sy/haar eie woorde. Die voltooide sin kan baie inligting verskaf en kan later ook weer gebruik word as basis vir verdere besprekings (Schoeman & Van der Merwe 1996:124).

'n Interessante tegniek wat in biblio-spel gebruik kan word is die gebruik van **strokiesprentkarakters**. Verskillende moontlikhede word deur Schoeman & Van der Merwe (1996:123) bespreek. Prentjies van die karakters kan doelbewus uitgeknip word om 'n storie te vorm. 'n Leë sirkel kan bo elke

karakter geteken word, sodat die kind self die verhaal daarin kan skryf. Hierdie tegniek is veral geskik vir ouer kinders. Die terapeut kan ook 'n storie bou rondom 'n strokiesprentkarakter wat deur die kind geïdentifiseer en geteken is. Mills en Cowley (aangehaal deur Schoeman & Van der Merwe 1996:123) noem ook dat strokiesprentkarakters soms vir die kind kan funksioneer as 'n denkbeeldige vriend wat 'n ondersteuningsisteem kan wees in moeilike tye.

Die gebruik van die **rekenaar en video-speletjies** is 'n nuwere ontwikkeling in biblio-spel. Die interaksie tussen die terapeut en kind plaas hulle op 'n gelyke voet wanneer hulle saam 'n video-speletjie speel. Sekere speletjies kan as ysbrekers dien en help om 'n gesonde verhouding te vestig (Gardner, J E 1993:273). Video-speletjies kan veral deur die terapeut gebruik word om waarneming te doen van bepaalde gedrag van die kind.

Die rekenaar leen homself tot baie moontlikhede. Rekenaar-speletjies kan gesamentlik of afsonderlik gespeel word met dieselfde positiewe waarde as video-speletjies (Schoeman & Van der Merwe 1996:125-126). Die rekenaar kan gebruik word soos in skeppende spel (Johnson 1993:282-286). Verskillende programme is beskikbaar wat gebruik kan word. Die kind kan teken en inkleur met behulp van die rekenaar. Die gebruik van die rekenaar is meer geskik vir ouer kinders. Die terapeut moet in sowel die gebruik van video-speletjies as die rekenaar vertroud wees met die programme en speletjies en moet dit gebruik volgens elke kind se situasie. Die rekenaar of video-speletjies moet egter nooit geïsoleerd gebruik word nie, maar altyd saam met ander tegnieke.

Die waarde van biblio-spel word deur Schoeman en Van der Merwe (1996:126) soos volg saamgevat: 'The real value of this form of play is that it usually directs the therapy clearly onto the child's problem or need in a non-threatening way, as it is structured and goal-directed. It is therefore an integral part of the change-oriented phase of the helping process.'

2.6 SKEPPENDE SPEL

Die gebruik van skeppende spel is van onskatbare waarde vir die terapeut. Dit dien as 'n spieël van die kind se leefwêreld. Skeppende spel hou verband met kuns as 'n terapeutiese metode, maar dit is meer omvattend (Schoeman & Van der Merwe 1996:138). Skeppende spel behels die gebruik van 'n skeppende aktiwiteit tydens terapie. Dit sluit verskillende vorme van kuns en handewerk in. Die moontlikhede is amper onbeperk en word deur Schoeman & Van der (Merwe1996:139) soos volg beskryf: 'There is almost no limit to the activities that can be used for creative play. What may well be limiting, though, is the creativity of the therapist and child client.' Die waarde van 'n kreatiewe skepping word deur Schoeman (1995:90) soos volg saamgevat: ''n Kreatiewe skepping bied die geleentheid om die ys te breek ten opsigte van die inligting wat vir die kind te moeilik of pynlik is om oor te praat.'

Kinders hou oor die algemeen baie daarvan om te teken of om prentjies te verf. Kinders het 'n behoefte om kreatief te wees (Louw 1994:153). Skeppende

aktiwiteite soos die teken van prentjies is vir die kind 'n vorm van kommunikasie. Deur sy tekeninge gee die kind uiting aan homself/haarself. Die uniekheid daarvan word deur Louw (1994:153) soos volg saamgevat: 'Art is a unique form of self-expression, because it does not depend on words and verbal skills.' Om te teken of te verf is 'n natuurlike medium wat in terapie gebruik kan word (Kissel 1990:39).

Die **tekeninge** van kinders kan op drie maniere deur die terapeut gebruik word naamlik deur 'n direktiewe benadering, 'n non-direktiewe benadering en 'n gedeeltelik direktiewe benadering te gebruik (Schoeman & Van der Merwe 1996:139). In 'n non-direktiewe benadering kan die kind gelos word op op sy/haar eie te teken. Kinders wat meer terug getrokke is kan meer direk gelei word om te teken en die terapeut kan aanvanklik meedoen totdat die kind genoeg selfvertroue het om op sy eie aan te gaan. Wanneer die kind gereeld sekere simbole teken of verf kan die terapeut hom gereeld vra om dit weer te teken om sodoende vordering te monitor. Laasgenoemde is 'n voorbeeld van 'n gedeeltelik direktiewe benadering.

Verskeie moontlikhede bestaan wanneer die kind nie weet wat om te teken nie. Skrywers soos Lester (1985:103-110) en Rose (aangehaal deur Schoeman & Van der Merwe 1996:140) stel die volgende voor as moontlikhede wat deur die kind geteken kan word: 'n wens, 'n spesifieke gevoel, 'n vrees, 'n geheim, 'n droom. die verlede, die hede, die toekoms, 'n belangrike gebeurtenis, 'n probleem en 'n tekening van homself of enige belangrike verhouding.

Die interpretering van 'n kind se prentjies kan van onskatbare waarde wees. Indien dit korrek gebruik word kan dit 'n belangrike wyse wees waarop inligting oor die kind verkry word en ook om die kind te assesseer (Schoeman & Van der Merwe 1996:140). Die interpretasie van die prentjie moet met groot versigtigheid gehanteer word, aangesien byvoorbeeld kleure baie betekenisse kan hê (West 1992:70). Schoeman en Van der Merwe (1996:140-145) noem die volgende as betekenisvolle sake waarop gelet moet word tydens die interpretasie van 'n tekening: die kleure wat gebruik word, die grote van die tekening, die gebruik van spasie op die papier, die lyn kwaliteit, die beklemtoning van liggaamsdele, skaduwees, die detail inhoud van die tekening en die kind se omstandighede.

Die volgende voorstel word deur Lester (1985:111) gemaak ten opsigte van die interpretasie van 'n kind se tekening: 'The most obvious responce to a child's work is to ask the child for interpretation.' Die kind kan ook gevra word om 'n storie oor sy prentjie te vertel. Die kind moet self die prentjie interpreteer, want die prentjie is die kind se skepping. Die kind se prentjie mag nooit op sy eie gebruik word nie. Die gebruik van die kind se prentjie saam met ander assessering tegnieke word ook deur West (1992:65) beklemtoon. 'Important points to remember are that a painting should be viewed as a partial representation of the child's world, and needs to be assessed in conjunction with what is known about the child and other aspects of the play.'

Klei kan ook gebruik word as 'n medium in skeppende spel. Die gebruik van klei het voordele bo die gebruik van prente of tekeninge. West (1992:71) beskryf dit soos volg: 'It allows three-dimensional work that can be moulded and altered, thus having more flexibility, sometimes more reality, than painting or drawing.' Klei kan ook herhaaldelik gebruik word en word nie hard nie (Woltmann 1993:142). Hierdie medium het volgens Porter (aangehaal deur Schoeman & Van der Merwe 1996:147) nog verdere voordele. 'It can be handled roughly, as the child can throw, knead or form it, according to his feelings at a given time.' Klei is ook maklik en goedkoop om te maak van meel, sout en water. Schoeman en Van der Merwe (1996:147) noem ook dat klei in kombinasie met 'n kind se tekeninge van sy omgewing gebruik kan word.

Sand en waterspel kan ook gebruik word as 'n vorm van skeppende spel. Alhoewel water alleen dalk nie as 'n medium in skeppende spel gebruik kan word nie, is dit wel moontlik wanneer dit saam met sand gebruik word. Die kind kan die twee mediums meng volgens sy behoefte (West 1992:73). Die gebruik van miniatuur speelgoed en voorwerpe help dat die kind 'n fantasie wêreld kan skep (Allan & Berry 1993:118-119).

Handewerk is ook 'n skeppende aktiwiteit en kan handig in terapie met kinders gebruik word. Verskillende handewerk aktiwiteite word deur Schoeman en Van der Merwe (1996:147) genoem. Hulle lysie sluit die maak van maskers, poppe, lewensboeke en die voltooing van prente in.

Skeppende spel kan vir 'n wye verskeidenheid funksies gebruik word. Lester (1985:87) beklemtoon die waarde daarvan vir die terapeut soos volg: 'We will learn more, therefore, about (1) how the child is *observing* and *perceiving* the external world, particularly the events that have sparked the crisis, (2) how the child is *interpreting* these events, and (3) how the child is *responding* internally to these events.' Kuns kan ook volgens Louw (1994:153) as 'n diagnostiese instrument gebruik word.

Skeppende spel is bevorderlik vir die kommunikasieproses tydens terapie. Dit is funksioneel vir die vestiging van rapport en bevorder so kommunikasie tussen kind en terapeut (Schoeman & Van der Merwe: 1996:138-139). Skeppende spel is 'n belangrike medium van kommunikasie vir die kind wie se verbale vaardighede nog nie goed ontwikkel is nie. Die kind word tydens skeppende spel 'n geleentheid gebied vir die ontlaai van opgekropte emosies en vir selfondersoek. Dikwels lei dit tot groei en verandering by die kind (Schoeman & Van der Merwe 1996:139).

Die gebruik van spel tydens terapie met kinders het 'n lang geskiedenis. Speel is vir kinders 'n belangrike aktiwiteit en daarom is dit moontlik om spel suksesvol tydens terapie met kinders te gebruik. Die verskillende vorme van spel en die tegnieke wat gebruik kan word, sluit aan by die wat eie is aan kinders, naamlik om te speel. Dit is duidelik dat die verskillende vorme van spel elkeen sy waarde het binne die terapeutiese proses en dat daar 'n ryke verskeidenheid tegnieke is wat gebruik kan word.

HOOFSTUK 3

PASTORAAT

Die gebruik van terapeutiese tegnieke wat in die sosiale wetenskappe gebruik word, mag in hierdie studie nie beteken dat die eie aard van pastoraat verlore gaan nie. Daar sal met ander woorde gevra moet word na die eie aard van pastoraat. Pastoraat moet gesien word as een van vele geloofshandelinge wat deur gelowiges uitgevoer word.

Pastoraat hou verband met sorg aan mense. Die spesifieke vorm van sorg wat bedoel word met pastoraat sal vervolgens beskryf word asook die fynere onderskeid wat getref kan word binne pastoraat. Die verskillende funksies van pastoraat sal beskryf word aangesien dit ook bepalend is ten opsigte van 'n definisie van pastoraat.

1 PASTORAAT

1.1 INLEIDING

Die geloofshandelinge van mense is die onderwerp van studie vir die praktiese teologie (Heyns & Pieterse 1990:14). Die geloofshandelinge van mense sluit 'n wye verskeidenheid handelinge in wat binne en buite die gemeente voltrek word. Dit is byna onmoontlik om al hierdie handelinge afsonderlik te noem en

daarom kan volstaan word met die indeling van Heyns en Pieterse (1990:14) betreffende die studievelde vir die praktiese teologie. Hierdie studievelde is **prediking, viering, sorg, diens en onderrig**. Firet (1986:14) beskryf die handelinge van die pastor in soortgelyke terme in die vorm van drie modi naamlik didache, kerugma en paraklese.

Die geloofshandelinge van mense is nie net beperk tot die formele kring van die Kerk nie, maar vind ook plaas buite die grense van die Kerk of gemeente (Heyns & Pieterse 1990:14-15). Die geloofshandelinge van mense is in wese kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie (Firet aangehaal deur Pieterse 1993:2). Die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie vind plaas in verskillende situasies en met verskillende handelinge soos reeds genoem. Die geloofshandelinge van mense vind plaas binne 'n gegewe werklikheid en hierdie werklikheid word soos volg deur Pieterse (1993:8) beskryf: 'Die leefwêreld van die gemeente konstitueer 'n sekere konkrete werklikheid in elke besondere tyd en situasie.' Die geloofshandelinge van mense vind dus nie net plaas binne die grense van die Kerk nie, maar ook buite daardie grense.

Die uitvoer of voltrekking van die handelinge is nie die verantwoordelikheid van die praktiese teologie nie. Die verantwoordelikheid om hierdie handelinge uit te voer is die verantwoordelikheid van die kerk, die gemeente en die gelowiges (Heyns & Pieterse 1990:14). Alhoewel mense met ander woorde verantwoordelik is vir die uitvoer van die geloofshandelinge is dit tog belangrik

om te let op die rol wat hulle vervul. Die rol van die pastor word deur Firet (1986:14) soos volg beskryf: 'At the heart op pastoral role-fulfilment is not the activity of a human being, but *the action of God who, by way of the official ministry as intermediary, comes to people in his word.*' God neem ten alle tye die inisiatief maar gebruik ook mense in die proses. Die werk van God en die mens word ook deur Pieterse (1993:5) beklemtoon. 'God kom tot mense in hul wêreld in Sy Woord deur die intermediêre, die bemiddelende pastorale optrede van mense wat deur die Gees ingeskakel word in Sy werk.'

1.2 SORG

Soos reeds aangedui is sorg een van die geloofshandelinge wat deur gelowiges uitgevoer word. Daar word in verskillende situasies vir mense gesorg en daarom is sorg nie net 'n Christelike handeling nie (De Jongh van Arkel 1991a:105). De Jongh van Arkel (1991a:105) beskryf sorg in sy wydste betekenis soos volg: 'Sorg vind plaas in elke geval waar mense werklik na mekaar luister; waar hulle vir mekaar "voel"; waar verstaan wat ander in nood deurmaak; wanneer hulle vertroos, bemoedig, opbeur en probeer om ander te ondersteun en help.'

Die tipe sorg wat in hierdie studie bedoel word kan onderskei word van die meer algemene tipe van sorg wat aangetref word in die wêreld. Hierdie onderskeid word deur De Jongh van Arkel (1991a:107) beskryf as "... 'n tipe sorg wat inherent aan 'n Christelike lewenswyse is, en die roeping van alle gelowiges is.' Die begrip *pastoraat* wil dan reeds hierdie spesifieke tipe van sorg beskryf. Daar

is vroeër in die studie melding gemaak van drie vlakke of vorme van pastoraat wat onderskei kan word. Die verhouding en verskille tussen die drie vorme van pastoraat word grafies soos volg deur De Jongh van Arkel (1991a:113) uitgebeeld: (*sien figuur 1)*



Figuur 1

A,B en C verteenwoordig die hele veld van die pastoraat waar

A is onderlinge sorg

B is pastorale sorg

C is pastorale beraad

D verteenwoordig die toenemende kennis en vaardigheid wat nodig is namate op beweeg word na C.

E verteenwoordig die keuringsvereiste vir gelowiges wat pastorale beraad wil doen, en wat al hoe moeiliker word.

Die gebied bokant die XY-lyn is die totale veld van professionele hulpverlening (medies, maatskaplik, sielkundig en pastoraal).

Hierdie voorstelling dui nie 'n hiërargie aan nie, maar wil onder ander aandui dat daar 'n wisselwerking tussen die verskillende vorme van pastoraat bestaan. Die grense is ook nie altyd so skerp te onderskei nie (De Jongh van Arkel 1991a:113-114).

Onderlinge sorg is 'n belangrike vorm van sorg in die pastoraat. De Jongh van Arkel (1991a:110) beskou onderlinge sorg as die basis van elke ander vorm van pastoraat. Die motief vir onderlinge sorg is 'n Bybelse motief. Die opdrag tot onderlinge sorg lê in die liefde wat God aan die mens bewys het. Soos wat Christus aan ons gedoen het, moet ons ook aan mekaar doen. Die wese van onderlinge sorg word soos volg deur De Jongh van Arkel (1992:88) beskryf: 'Hier is *spontane aksie, spontaneïteit* of *ongedwonge handeling* sleutelbegrippe.' Opleiding of bekwaamheid speel by onderlinge sorg nie 'n rol nie, aangesien dit reeds spontane en ongedwonge sorg is. Die definisie wat De Jongh van Arkel (1992:96) van onderlinge sorg gee lui soos volg: 'Heel eenvoudig sou ons kon sê dat onderlinge sorg die *persoonlike, liefdevolle en gespreksmatige aandag van een mens aan 'n ander is.'*

Pastorale sorg is die tweede vorm van pastoraat wat onderskei kan word. Die klem val in pastorale sorg meer op die opbou en versorging van die gemeente (De Jongh van Arkel 1992:119). Pastorale sorg verskil van onderlinge sorg in die opsig dat dit meer georganiseerd is eerder as spontaan. Pastorale sorg verg ook groter vaardighede en daarom moet daar 'n seleksieproses wees sodat net sekeres toegelaat word om dit te doen (De Jongh van Arkel 1991a:112). Die

verantwoordelikheid vir pastorale sorg lê meer by die besondere ampte, maar pastorale medewerkers en vrywilligers uit die gemeente word ook hierby ingesluit (De Jongh van Arkel 1992:119). Toerusting kan by die laaste twee genoemde groepe veronderstel word.

Pastorale beraad is die laaste vorm van pastoraat wat onderskei kan word en is 'n meer intensiewe vorm van sorg as onderlinge en pastorale sorg (De Jongh van Arkel 1991a:112). Die wese van pastorale beraad, wat die intensiteit van die sorg wat verleen word beklemtoon, word deur De Jongh van Arkel (1993:76) beskryf as: 'In pastorale beraad word daar sorgend omgegaan met mense wat spesifiek hulp soek met probleme.' Groot kundigheid en vaardigheid word van die helper of die pastor gevra wanneer hy die terrein van pastorale beraad betree. Hy betree hier die veld van professioneel hulpverlening. Hierdie vorm van pastoraat vereis dat die pastor of helper deeglik opgelei sal wees as teoloog en berader. Die werksdefinisie van pastorale beraad wat De Jongh van Arkel (1993:69) voorstel beklemtoon die eiesoortige karakter van sorg wat hier verleen word. *'Pastorale beraad is die gestruktureerde, kundige, sorgsame gesprek met mense met probleme wat in probleemsituasies verkeer met die oog op heilsrealisering.'*

2 FUNKSIES VAN PASTORAAT

2.1 INLEIDING

Die funksies van pastoraat kan aan die een kant verwys na die doel van pastoraat. Dit kan met ander woorde probeer beskryf wat met pastoraat bereik wil word. Die funksies van pastoraat verwys egter in hierdie studie na die waarneembare gevolge van sorgende handelinge. Lindijer (aangehaal deur Heitink 1977:289) beskryf dit soos volg: 'Het gaat niet om wat men met iets beoogt, maar wat het werkelijk doet en uitwerkt.' Dit is gevolglik belangrik dat daar eers stilgestaan moet word by die verskillende funksies van pastoraat.

2.2 GENESING

Die begrip genesing kan aanleiding gee tot heelwat verwarring. Die volgende definisie wat Heitink (1977:289) gee skakel moontlike verwarring egter uit. '*Onder de helende funktie van het pastoraat verstaan we de mogelijke positieve gevolgen die een pastoraal optreden heeft met betrekking tot de gezondheid en het welzijn van mensen in de ruimste zin van het woord.*'

Dit gaan met ander woorde nie net oor die herstel van toestande nie, maar wil reeds bydra dat die persoon op 'n hoër geestelike vlak as voorheen kan funksioneer (De Jongh van Arkel 1991a:131). Die genesing wat ter sprake is geld nie net vir die geestelike of liggaamlike nie, maar vir elke lewensterrein.

Clebsch en Jaekle (aangehaal deur Heitink 1977:290) som dit soos volg op: 'Healing is a pastoral function that aims to overcome some impairment by restoring a person to wholeness and by leading him to advance beyond his previous condition.'

2.3 BYSTAND

Die klem val by genesing in 'n sekere sin op verandering van die huidige situasie. Verandering is in baie gevalle nie moontlik nie. Bystand as 'n funksie van pastoraat het veral op laasgenoemde situasies betrekking. Heitink (1977:294) beskryf dit soos volg: '*Onder bijstaan verstaan we het aangaan en onderhouden van een relatie met een mens in nood, een mens in zijn lijden, met als mogenlijk gevolg, dat hij zich ondersteund en getroost weet op de moeilijke weg, die hij moet gaan.*'

Die klem val op die verhouding wat gekenmerk word deur bystaan in 'n onveranderlike situasie. Bystand het veral betrekking op die verwerking van 'n krisis, lyding en sterwe. Die persoon wat bygestaan word, ervaar deur hierdie verhouding die nabyheid van God. Begrippe soos troos en ondersteuning gee goed uitdrukking aan wat met bystand bedoel word (De Jongh van Arkel 1991a:134).

2.4 BEGELEIDING

Die klem val by begeleiding veral op groei. Die mens se verantwoordelikheid asook die mens se mondigheid moet in berekening gebring word. Die mens mag nie in 'n rigting in geforseer word nie, maar moet gelei of begelei word in die maak van verantwoordelike keuse binne 'n gegewe situasie. Daar mag nie vir iemand besluit word nie, maar daar moet aan die lidmaat nuwe moontlikhede gebied word. Die werk van die Heilige Gees staan hierin sentraal. Heitink (1977:300) beskryf die begeleidende funksie van pastoraat soos volg: '*Onder begeleiden verstaan we die geestelijke leiding die mense geboden wordt, waardoor zij geholpen kunne worden op grond van hun levensovertuiging hun eigen keuzen te bepalen en beslissingen te nemen en zo te groeien in een zelfstandig geestelijk funktioneren.*'

2.5 VERSOENING

Die oorwinningswerk en die versoeningswerk van Jesus Christus vorm die basis van hierdie funksie van pastoraat (De Jongh van Arkel 1991a:139, Heitink 1977:307). Die wêreld van vandag word gekenmerk deur verdeeldheid op talle terreine van die samelewing. Versoening beteken die herstel van verhoudings of in die woorde van Heitink (1977:307): '*Onder verzoenen verstaan we, dat menzen die vervreemd zijn van elkaar, van zichzelf of van God, tot zichzelf komen, aanvaarding en vergeving ervaren en zo in nieuwe relaties leren leven.*'

3 DEFINISIE VAN PASTORAAT

Pastoraat het sy eie unieke karakter. Pastoraat beskryf 'n spesifieke manier van sorg wat van ander vorms van sorg onderskei kan word. Verskillende vlakke of vorme van pastoraat kan verder van mekaar onderskei word. In die pastoraat kan daar ook verder onderskeid getref word tussen die verskillende funksies van pastoraat.

Die unieke karakter van pastoraat sal in aanmerking geneem moet word wanneer daar gepoog word om 'n definisie daarvan te gee. De Jongh van Arkel (1991a:115) bied die volgende definisie van pastoraat aan: *'Pastoraat is gespreksmatige sorgende handelinge in diens van die evangelie.'* Louw (1993:21-22) beskryf pastoraat as geloofshulp as lewenshulp. Daar kan egter volstaan word met die uitgebreide definisie van pastoraat wat Heitink (1977:75) aanbied waarin hy pastoraat so definieer: *'Onder pastoraat als hulpverlening verstaan wij, dat een pastor een helpende relatie aangaat met mensen om - in het licht van het evangelie en in verbondenheid met de gemeente van Christus - met hen een weg te zoeken in geloofs- en levensvragen.'*

Pastoraat het sy eie, unieke karakter. Pastoraat is 'n vorm van sorg wat eie is aan die Christelike lewenswyse. Die verskillende funksies van pastoraat gee aan pastoraat 'n bepaalde gerigtheid, naamlik om in die lig van die evangelie en in verbondenheid met die gemeente van Christus, antwoorde te soek op geloof

en lewensvrae. Met hierdie verstaan van pastoraat kan die gebruik van spelterapie met kinders in pastoraat ge-evalueer word.

HOOFSTUK 4

EVALUERING VAN SPELTERAPIE VIR GEBRUIK IN DIE PASTORAAT

In die vorige twee hoofstukke is daar afsonderlik gekyk na spelterapie en pastoraat. Vervolgens sal daar gekyk word na die eiesoortige karakter van die pastorale gesprek. Die rol van die pastor en die kind aan wie pastorale sorg verleen word, sal aandag geniet. Die ontwerp van 'n pastorale gesprek moet gesien word as 'n raamwerk aan die hand waarvan die gebruik van spelterapie ge-evalueer kan word.

1 INLEIDING

Die funksies van pastoraat speel almal 'n rol in die pastorale gesprek. Die omstandighede waarin die lidmaat hom bevind sal bepalend wees vir watter funksie meer prominent sal wees as die ander. 'n Saak wat ook in gedagte gehou moet word is dat daar onder pastoraat 'n spesifieke vorm van sorg bedoel word. Hierdie vorm van sorg word onder andere ook verwoord in die aangehaalde definisie wat Heitink (1977:75) van pastoraat gee. Die pastorale gesprek het daarom dan ook sy eie, unieke karakter.

2 DIE PASTORALE GESPREK

2.1 DIE EIESOORTIGE KARAKTER VAN DIE PASTORALE GESPREK

Die sentrale in die pastoraat en veral pastorale berading is die gesprek. De Jongh van Arkel (1991a:140) beklemtoon reeds dat die pastoraat 'n **gesprek en 'n ontmoeting** is. Die rol wat die gesprek speel sal egter in die verskillende vorme van pastoraat verskil. In onderlinge pastoraat stel die gesprek byvoorbeeld nie soveel eise aan die pastor, wat tegniek aanbetref, as by pastorale beraad nie. Die pastorale gesprek is 'n dialogiese proses wat soos volg deur Louw (1993:244) beskryf word: 'Die pastorale gesprek bring die feit na vore dat dit in die pastoraat om 'n dialogiese proses van kontak en ontmoeting gaan.'

Die pastorale gesprek het egter 'n spesifieke **gerigtheid**. Die pastorale gesprek het ooreenkomste, maar ook verskille ten opsigte van 'n meer psigologies-georiënteerde gesprek. Hierdie verskille kan as volg opgesom word:

* Die wat van die pastorale gesprek: dit gaan om die inhoud van die heil met behulp van 'n vertolking van die Skrif.
* Die bron van die pastorale gesprek: die vervulde beloftes van God soos vervat in die Skrifopenbaring.
* Die wie van die pastorale gesprek: mense binne die perspektief van die geloof; mense geskape na die beeld

van God en gelowiges as intermediêr vir die kom van God deur Sy woord na die wêreld.

* Die hoekom van die pastorale gesprek: die motief in die hart van die pastor word bepaal deur die ontferming van God die Vader; die versoening van die Middelaar en die bystand van die Heilige Gees.
* Die hoe van die pastorale gesprek: die *agapé*-liefde soos voltrek in die priesterlike bewoëndheid en dáádwerklike barmhartigheid.
* Die waartoe van die pastorale gesprek: geloofsvolwassenheid as die nuwe lewe vanuit die opstandingsoorwinning.
* Die waar van die pastorale gesprek: die *koinonia* binne die gemeenskap van die gelowiges *(communio sanctorum)*.

(Louw 1993:246-247)

Vroeër is daar gewys op die onderskeid wat Gil (1992:35) maak tussen die onderskeie benaderings in spelterapie naamlik die direktiewe en die non-direktiewe benadering. In die pastoraat en veral pastorale berading sal daar meer van 'n direktiewe benadering gebruik gemaak word.

Die rede hiervoor kan weereens gesoek word in die spesifieke vorm van sorg wat onder pastoraat bedoel word asook die definisie van pastoraat wat deur Heitink (1977:35) aangebied word. Die klem val wat hierdie saak aanbetref op

'... in het licht van het evangelie ...' (Heitink 1977:75). De Jongh van Arkel (1991a:129) beklemtoon ook hierdie saak in die pastoraat soos volg: 'Die pastoraat is gerig op die *situasionele verkonkretisering van die evangelie deur gespreksmatige sorgende handelinge.*'

Alhoewel die klem meer op die direktiewe benadering mag val, mag die beginsels van 'n non-direktiewe benadering nie geïgnoreer word nie. Die beginsels waarna verwys word is die skep van 'n warm, nie veroordelende klimaat of atmosfeer van die gesprek, wat ook geld vir die houding van die terapeut. Die kind mag onder geen omstandighede geforseer word om besluite te neem nie. Die non-direktiewe benadering kan baie goed gebruik word in die bou van 'n terapeutiese verhouding voordat die terapie in 'n meer spesifieke rigting gestuur word (Rasmussen & Cunningham aangehaal deur Johnston 1997:104).

Die klem wat op die direktiewe benadering geplaas word mag ook nie beteken dat daar in 'n direktiewe vorm van raadgewing verval mag word nie. Die lidmaat moet eerder die geleentheid gebied word om gevoelens te ontlaai en tot selfstandige besluitneming te kom, maar dan in die lig van die evangelie. De Jongh van Arkel (1993:166) beskryf dit soos volg: 'Ons wil nie net vir hulle raad gee nie, maar hulle help om self vanuit die rykdom van wat God aan hulle bied hulle lewensroeping na te kom.'

Die bedoeling binne die direktiewe benadering moet eerder gesoek word in die feit dat die funksie van die gesprek bepaal word deur 'n konteks, 'n netwerk van waardes en 'n spesifieke doelwit (Louw 1993:245). Die kind word met ander woorde gelei om, geloof in die Drie-enige God, te gebruik om probleme te hanteer. Die hulp wat aangebied word is 'n leerproses om te leef vanuit hulle geloof. Die klem val dus nie op die kind se **eie vermoë** om probleme te hanteer en oplossings te vind nie, maar is gerig op God. D J Louw (1993:245) beklemtoon reeds die feit dat die pastorale gesprek nooit van sy gerigtheid op God losgemaak kan word nie.

2.2 DIE ROL VAN DIE PASTOR

In die pastoraat met kinders is dit belangrik dat die pastor duidelikheid moet hê oor sy rol. Die pastoraat vind nie in 'n lugleegte plaas nie, maar veronderstel 'n spesifieke konteks (De Jongh van Arkel 1991a:141). Die gesprek het 'n bepaalde karakter wat saamhang met die identiteit van die pastor. Daar word sekere verwagtinge van die pastor gekoester. Lester (1985:50) verwoord dit soos volg: 'The Christian pastor has always been expected to be present as God's representative in times of stress, with the anticipation that in the role he or she can help people make spiritual sense out of the chaos of a crisis.'

Die pastor word gesien as die verteenwoordiger van die Kerk sowel as God se verteenwoordiger. Die rol wat die pastor vervul verleen aan die gesprek 'n bepaalde amptelike karakter. Switzer (aangehaal deur Lester 1985: 45) beskryf

die simboliese betekenis van die pastor so: 'The clergy is a physical representation of the whole community of faith, of the tradition, of a way of viewing the meaning of life, of the dynamic power of faith, and of God.' Hierdie karakter of konteks wat geskep word is bepalend vir die rigting van die gesprek of besoek.

Die feit dat daar bepaalde rolle is wat ter sprake is, mag egter nie maak dat daar 'n afstand tussen die pastor en die kind ontstaan nie. Die houding van die pastor moet getuig van liefde, aanvaarding en 'n gesindheid van bereid wees om te luister. De Jongh van Arkel (1991a:142) beskryf die houding van die pastor so: 'Die pastor moet 'n transparant van die barmhartige en liefdevolle Hemelse Vader wees.'

2.3 DIE KIND IN PASTORAAT

Daar is alreeds vroeër daarop gewys dat kinders nie altyd die sorg ontvang waarop hulle geregtig is nie. Lester (1985:36-37) wys daarop dat kinders nie net kinders van lidmate is nie, maar dat hulleself ook lidmate is. Die gevolg daarvan is dat hulle ook net soos die volwasse of belydende lidmate, geregtig is op pastorale sorg en aandag. Die kinders waarmee gewerk word is ook verbondskinders.

Die pastor moet sensitief wees vir die nood van kinders. Die wanopvatting van 'n kind se lewe as ongekompliseerd en sonder krisisse kan nie meer

gehandhaaf word nie. Kinders het 'n behoefte aan pastorale sorg in tye van krisisse soos die dood van 'n geliefde, egskeiding, seksuele molestering, siekte en talle ander tye wat vir die kind traumaties mag wees in die lewe.

Vroeër is daar alreeds daarop gewys dat die omstandighede waarin die kind hom/haar bevind en die kind se ontwikkelingsfase, faktore is wat in ag geneem moet word, wanneer kinders ter sprake is. Die pastor sal hom/haar ook deeglik daarvan moet vergewis. 'n Verdere faktor wat onthou moet word is dat die kind nie soos 'n eiland funksioneer sonder enige bande nie. Die kind moet altyd gesien word binne die konteks waarin hy funksioneer. Die kind se konteks kan onder andere bepaal word deur sy/haar gesin, familie, die geloofsgemeenskap waarvan hy/sy deel is en die skool. 'Die gedrag van 'n persoon word verduidelik aan die hand van haar funksie en plek in die groter sisteem.' (De Jongh van Arkel 1991b:72)

2.4 ONTWERP VAN 'N PASTORALE GESPREK

In die ontwerp van 'n raamwerk waarbinne ook die pastorale beraad se gesprek kan plaasvind is dit so dat daar verskillende moontlikhede bestaan (De Jongh van Arkel 1993: 165). Die gespreksraamwerk moet egter gesien word as stadia, eerder as 'n vaste of rigiede formule of stel beginsels. Die verskillende stadia volg nie noodwendig kronologies op mekaar nie, maar verskaf eerder 'n raamwerk waarbinne die gesprek geplooi kan word.

Egan (1994) maak gebruik van 'n model met drie stadia waardeur iemand gelei kan word om uiteindelik hulle probleme beter te kan hanteer. De Jongh van Arkel (1993:165) gee toe dat hierdie model ook goed in pastoraat gebruik kan word. Louw (1993:348-367) maak weer gebruik van 'n vier fasemodel. Hy beklemtoon ook in sy fasemodel die vloeibaarheid van die fases (Louw 1993: 353). Die bedoeling is nie om 'n keuse te maak tussen hierdie verskillende gespreksmodelle nie, maar eerder om die gemeenskaplike van elkeen van hierdie gespreksmodelle uit te lig. Daar kan vir evalueringsdoeleindes vier fases onderskei word naamlik: 'n **kontakmaak** en kontakbou fase, 'n **analise** fase, 'n **veranderings** georiënteerde fase en 'n **afsluitings** fase.

3 EVALUERING VAN DIE GEBRUIK VAN SPELTERAPIETEGNIEKE IN DIE PASTORAAT MET KINDERS

3.1 KONTAKMAAK EN KONTAKBOU FASE

Die wesenlike van hierdie fase is die kontakmaak met die lidmaat en die begin van die vestiging van 'n verhouding. Hierdie fase is van die uiterste belang vir die verdere verloop van die pastorale gesprek. Die lidmaat moet alreeds hier ervaar dat die pastor erns maak om hom as mens te begryp (Louw 1993:354). Die tyd wat aan hierdie fase afgestaan gaan word, kan verskil, aangesien die pastor en die lidmaat mekaar alreeds vir 'n geruime tyd mag ken. Nogtans is dit belangrik om in hierdie nuwe situasie aandag te gee aan die pastor-lidmaat verhouding. De Jongh van Arkel (1993:176-177) beklemtoon die belangrikheid

van hierdie verhouding wanneer hy sê: 'Hoe beter die verhouding, hoe groter die moontlikheid dat die doelwitte vir die beraad verwesenlik kan word.'

Gedurende hierdie fase, wat ook beskryf kan word as die begin fase, kan daar ook gebruik gemaak word van vaardighede en tegnieke wat gebruik word in die opbou van 'n verhouding met volwassenes (Schoeman & Van der Merwe 1996:22). Die unieke karakteristieke van die kind sal egter in gedagte gehou moet word. Die verhouding tussen die terapeut en die kind is 'n baie spesiale en sensitiewe verhouding. Schoeman en Van der Merwe (1996:30) beskryf dit soos volg: 'To establish a relationship with a child, it is first necessary to become the child's friend, his playmate.' In hierdie proses van verhouding bou sal die gebruik van spel 'n positiewe bydra maak, aangesien spel deel is van die kind en sy leefwêreld.

Die vernaamste vorm van spel wat in hierdie fase van die gesprek gebruik kan word is **ontspanningspel**. Ontspanningspel alleen moet nie gesien word as terapie op sig self nie. Ander vorme van spel moet daarvoor in kombinasie met ontspanningspel gebruik word. Die gebruik van ontspanningspel in die kontakmaak fase het 'n spesifieke doel wat soos volg deur Schoeman en Van der Merwe (1993:77) beskryf word: 'Its purpose is to open the child to the therapy of the change-oriented phase. When the child is relaxed, it is easier to strengthen the therapeutic relationship.'

Die verskillende vorme van spel kan egter nie geïsoleer word vir gebruik net in 'n sekere fase van die gesprek nie. Ander vorme van spel bevat ook elemente van ontspanningspel en kan ook in hierdie fase kreatief deur die terapeut gebruik word, maar dan met die doel om die kind te laat ontspan en om 'n verhouding te vestig (Schoeman & Van der Merwe 1996:63). So kan biblio-spel, gedramatiseerde spel en kreatiewe spel ook tydens hierdie begin fase gebruik word.

Pastors ervaar dikwels 'n verleentheid wanneer dit by kinders kom. 'n Gevoel van onvermoë om werklik die kind te verstaan is vir baie 'n probleem (Lester 1987:12). So is die skep van 'n betekenisvolle verhouding vir baie 'n probleem wanneer hulle met kinders moet werk. Die gebruik van veral ontspanningspel, bied aan die pastor die geleentheid om wel 'n warm, betekenisvolle verhouding met die kind tot stand te bring. Dit sluit aan by die kind se leefwêreld en is vir die kind nie bedreigend nie. Lester (1985:86) beklemtoon ook spel as 'n manier om 'n verhouding met 'n kind op te bou. 'As you can imagine, playing with children is a helpful way of establishing rapport. Since a first step, and a crucial one, in the pastoral care of children is establishing a warm, comfortable, "I understand your world" relationship, play can be a most helpful vehicle.' Deur spel te gebruik sluit die pastor aan by iets wat eie is aan die kind naamlik om te speel. Deur spel ontmoet die pastor die kind in sy eie wêreld.

3.2 ANALISE FASE

Die analise fase kan ook beskou word as deel van die kontak maak en kontak bou fase. Analise of assesering vind reeds vroeg in die terapeutiese verhouding plaas, maar dit vind ook deurlopend plaas in die ontmoeting. Hierdie fase bou voort op die verhouding wat bestaan tussen die terapeut en kliënt. Dit is belangrik dat die terapeut sekere aspekte moet assesseer of 'n analise moet doen van waar die kliënt is (Schoeman & Van der Merwe 1996:98). Op die die vraag waarna die terapeut moet oplet tydens die analise fase antwoord Schoeman en Van der Merwe (1996:98)soos volg: 'When assessing individuals, the relevant aspects are the bio-physical, cognitive, perceptual, emotional, cultural, behavioural and motivational factors.' Die analise fase is vir die terapeut van die uiterste belang voordat daar oorgegaan kan word na 'n meer veranderings georiënteerde fase.

Die klem val gedurende hierdie fase meer op analise en daarom sal assesseringspel en die tegnieke daarvan, vir hierdie doel aangewend kan word. Dit moet weereens beklemtoon word dat die tegnieke wat gebruik word in die ander vorme van spel ook elemente van assessering bevat en dat daar ook van hier die vorme van spel gebruik gemaak kan word, maar dan met die doel om te analiseer. Assesseringspel en die tegnieke wat daaronder beskryf is, asook tegnieke van die ander vorme van spel moet gebruik word om 'n totale prentjie te kry van die kliënt en sy lewensomstandighede.

Wat vir die terapeut in ander hulpverleningsprofessies geld, sal ook in hierdie geval vir die pastor geld tydens pastorale beraad met kinders. Voordat daar van terapie gepraat kan word moet die pastor ook tog 'n duidelike prentjie hê van die kind se prosesse. Die voordele van spel tydens die fase van analise is ook deur Lester (1985:87) uitgewys. 'What children reveal through play enables the child therapist to make more accurate diagnostic assessments. Pastors must also be interested in making assessments.' Louw (1994:153) beskryf die gebruik van skeppende spel in hierdie fase soos volg: 'Art can also be used in pastoral care as a diagnostic tool to assess the children's understanding of God, their parents and emotional situations.' Spel kan die kind se leefwêreld vir die pastor oopsluit sonder dat die kind besef hy ontbloot iets van homself in die proses (Lester 1985:85-86).

3.3 VERANDERINGS-GEORIËNTEERDE FASE

Die klem val gedurende hierdie fase op verandering of groei. Die kliënt moet instaat wees tot 'n hoër vlak van funksionering as wat voorheen die geval was. Die terapeut moet alreeds teen hierdie tyd 'n baie duidelike prentjie hê van die kliënt se omstandighede. Die fokus verskuif in hierdie fase meer na die spesifieke probleem. Schoeman en Van der Merwe (1996:63) maak 'n belangrike opmerking in hierdie verband. 'In the change-oriented phase, assessment and relaxation are still relevant, even though the focus is more on the specific problem ...'

Die vorme van spel wat veral geskik is vir gebruik in die veranderings-georiënteerde - fase is biblio-spel, skeppende spel en gedramatiseerde spel (Schoeman & Van der Merwe 1996:63). Die gebruik van biblio-spel fokus die terapie op die probleem van die kind, maar dan op so 'n wyse dat dit nie vir die kind 'n bedreiging inhou nie. 'n Verdere kenmerk van biblio-spel is dat dit gestruktureerd en doel georiënteerd is (Schoeman & Van der Merwe 1996:126). Gedramatiseerde spel bied geleentheid tot groei deur situasies uit te speel in 'n veilige omgewing (Porter en Dune aangehaal deur Schoeman & Van der Merwe 1996:128). Skeppende spel bied aan die kind die geleentheid om vae en selfs onderdrukte gevoelens na vore te bring. Die waarde daarvan in die veranderings-georiënteerde fase word deur Schoeman en Van der Merwe (1996:148) beklemtoon. 'After working through these feelings, the child may reach a higher level of equilibrium than before as a result of the growth process.' Die gebruik van skeppende spel, biblio-spel en gedramatiseerde spel kan met groot vrug deur die pastor gebruik word.

> The pastor can use communication around art work (1) to change the child's perspective or interpretation of events, (2) to confirm or affirm something about the child which serves as a blessing, or (3) to convey something about the Christian faith that will accomplish either of the above and set a solid foundation for the development of spiritual insight.
>
> (Lester 1985:99)

Louw (1994:153) kom ook tot die gevolgtrekking dat skeppende spel gebruik kan word om die kind se interpretasie van gebeure te verander, om die teenwoordigheid van God te bevestig en om iets van die Christelike geloof aan die kind oor te dra.

Die vertel van stories kan veral groot waarde hê. Deur die vertel van stories kan kinders gehelp word om die Bybel beter te verstaan en om hulle eie swaarkry in die lig van die evangelie te interpreteer en iets beleef van God se liefde en genade (Louw 1994:153). Die gebruik van "mutual story-telling technique" bied aan die kind 'n uitstekende geleentheid tot verandering. So 'n storie bied aan die kind die geleentheid om te hoor van ander hanteringsmeganismes. Die bydra wat stories kan maak word deur Lester (1985:120) beskryf. 'Knowing that stories have the capacity to provide grist for the child's imaginative mill, we tell or read stories to children with the purpose of making a point.' Stories kan ook vir die kinders gelees word, maar die pastor sal moet seker maak dat die boodskap van die stories wel inpas onder pastoraat. Die vertel of lees van Bybel verhale kan in die besonder goed gebruik word (Lester:1985:117-118).

3.4 AFSLUITINGS FASE

Die afsluitings fase berei die kind voor om voortaan selfstandig te kan funksioneer. Dit is 'n belangrike fase wat met groot omsigtigheid gehanteer moet word. Terapie moet nie te gou beëindig word nie, maar mag ook nie onnodig lank uitgerek word nie. In laasgenoemde geval kan die gevaar bestaan dat die

kliënt afhanklik raak van die terapeut. Gedurende hierdie fase moet die kind geleidelik voorberei word vir die terminering van die terapie.

Die vorme van spel wat veral in hierdie fase gebruik word is ontspanningspel en assesseringspel (Schoeman & Van der Merwe 1996:63). Die kliënt moet daardeur gehelp word om te ontspan. Assessering of analise kan weer gedoen word, want dit kan daartoe bydra dat die terapie nie voortydig getermineer word nie. Schoeman en Van der Merwe (1996:77) beskryf die doel van ontspanningspel gedurende die veranderings-georiënteerde fase soos volg: 'The child should be prepared to handle future problems on his own. The relaxation techniques he learns in therapy can be carried over to real life situations, especially difficult ones.'

Die pastor verkeer in die bevoorregte posisie dat sy verhouding met die kind normaalweg nie beëindig word wanneer terapie getermineer word nie. Die verhouding bly in die meeste gevalle voortbestaan waar die kind ook lidmaat van die gemeente is. Dit mag egter nie beteken dat daar nie aandag gegee word aan die beëindiging van die terapeutiese verhouding nie. Die pastor sal juis met die oog op die voortgesette verhouding, baie versigtig te werk moet gaan. In hierdie geval kan die pastor wel gebruik van van die vorme van spel wat in hierdie fase deur ander in die hulpverleningsprofessies gebruik word.

4 SLOTOPMERKINGS

Ek is van oortuiging dat spelterapietegnieke wel met groot vrug in die pastoraat aan kinders gebruik kan word. Die kind word daardeur ernstig opgeneem en daar word aangesluit by die kind se leefwêreld. Louw (1994:152) spreek hom soos volg daaroor uit: 'Children often use play as a method of processing their thoughts and emotions while coping with crises. Aware of this, pastors can use play as a major vehicle for therapy.'

> Play is helpful not only in establishing rapport and making pastoral assessment but also in opening up pastoral conversation within which other pastoral tasks, such as expression of emotion, reality testing, and teaching, may be accomplished. The play therapist uses play for these purposes and so may the pastor, as we will illustrate in the sections that follows.
>
> (Lester 1985:86)

Die gebruik van spelterapietegnieke sal egter altyd met groot versigtigheid gehanteer moet word. Die pastor sal in die proses duidelikheid moet verkry oor homself en die rol wat as pastor vertolk moet word. Die gebruik van spelterapietegnieke mag verder nie die eie aard van die pastoraat verdring nie. Die eie aard en die funksies van pastoraat sal voortdurend voor oë gehou moet word.

Die gebruik van spelterapietegnieke het laastens ook implikasies vir die opleiding van pastors. Lester (1987:12) het reeds op die probleme gewys van gebrekkige opleiding. Daar sal deur al die opleidingsinstansies van pastors hieraan aandag gegee moet word. Die gebruik van hierdie tegnieke vereis in die meeste gevalle deeglike teoretiese kennis van en praktiese vaardigheid in die hantering van die tegniek. Aandag sal ook geskenk moet word aan die ontwikkelingsfase van die kind in die opleiding. Die keuse van verskillende tegnieke berus dikwels op die spesifieke stadium waarin 'n kind verkeer asook die krisis waarin hy hom bevind.

Die gebruik van spelterapie en die gepaardgaande tegnieke, staan nie vyandig teenoor die pastoraat nie. Dit bied reeds aan die pastor die geleentheid om pastoraat aan kinders tot sy reg te laat kom. Spelterapie open die deur vir die pastor wanneer hy met kinders werk dat die funksies van pastoraat vervul kan word.

BIBLIOGRAFIE

Allan, J & Berry, P 1993. Sandplay, in Schaefer, C E & Cangelosi, D M (eds), *Play therapy techniques,* 117-123. Northvale, New Jersey: Jason Aronson Inc.

Axline, V M 1989. *Play therapy.* Edinburgh: Churchill Livingstone.

Cattanach, A 1992. *Play therapy with abused children.* London: Jessica Kingsley Publishers.

Chapman, K N 1994. When children get sick: Teacher turned chaplain. *Review and Expositor* 91, 325-342.

De Jongh van Arkel, J T 1991a. *Enigste studiegids vir PTA100-T.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

De Jongh van Arkel, J T 1991b. Ekosisteemdenke as meta-teorie in die praktiese teologie. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 6(1), 61-73.

De Jongh van Arkel, J T 1992. *Enigste studiegids vir PTA200-W.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

De Jongh van Arkel, J T 1993. *Enigste studiegids vir PTA301-4.* Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Egan, G 1994. *The skilled Helper: A problem-management approach to helping.* 5th ed. California: Brooks/Cole Publishing Company.

Firet, J 1986. *Dynamics in pastoring.* Grand Rapids, Michigan: William B. Eerdmans Publishing Company.

Gardner, J E 1993. Nintendo games, in Schaefer, C E & Cangelosi, D M (eds), *Play therapy techniques,* 273-280. Northvale, New Jersey: Jason Aronson Inc.

Gardner, R A 1993a. Checkers, in Schaefer, C E & Cangelosi, D M (eds), *Play therapy techniques,* 249-260. Northvale, New Jersey: Jason Aronson Inc.

Gardner, R A 1993b. *Storytelling in psychotherapy with children.* Northvale, New Jersey: Jason Aronson Inc.

Gil, E 1991. *The Healing power of play: Working with abused children.* New York: The Guilford Press.

Hart, R, et al 1992. *Therapeutic play activities for hospitalized children.* St. Louis: Mosby-Year Book.

Heitink, G 1977. *Pastoraat als hulpverlening.* Kampen: Kok.

Heyns, L M & Pieterse, H J C 1990. *Eerste treë in die praktiese teologie.* Pretoria: Gnosis.

Irwin, E C 1993. Using puppets for assessment, in Schaefer, C E & Cangelosi, D M (eds), *Play therapy techniques,* 69-81. Northvale, New Jersey: Jason Aronson Inc.

Jennings, S 1993. *Playtherapy with children: a practitioners guide.* London: Blackwell Scientific Publications.

Johnson, R G 1993. High tech play therapy, in Schaefer, C E & Cangelosi, D M (eds), *Play therapy techniques,* 281-286. Northvale, New Jersey: Jason Aronson Inc.

Johnston, S S M 1997. The use of art and play therapy with victims of sexual abuse: A review of the literaure. *Family Therapy* 24(2), 101-113.

Kissel, S 1990. *Play therapy. A strategic approach.* Springfield, Illinois: Charles C Thomas.

Krall, V 1989. *A play therapy primer. Therapeutic approaches to children with emotional problems.* New York: Human Sciences Press.

Lester, A D 1985. *Pastoral care with children in crisis.* Philadelphia: The Westminster Press.

Lester, A D (ed) 1987. *When children suffer.* Philadelphia: The Westminster Press.

Levenson, R L & Herman, J 1993. Role Playing, in Schaefer, C E & Cangelosi, D M (eds), *Play therapy techniques,* 225-236. Northvale, New Jersey: Jason Aronson Inc.

Louw, D A (ed) 1995. *Human development.* Pretoria: Kagiso Tertiary.

Louw, D J 1993. *Pastoraat as ontmoeting. Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie.* Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Louw, D J 1994. *Illness as crisis and challenge.* Halfway House: Orion Publishers.

Pieterse, H 1993. *Praktiese teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: RGN.

Schoeman, J P & Van der Merwe, M 1996. *Entering the childs world: A play therapy approach.* Pretoria: Kagiso Tertiary.

Schoeman, J P 1995. Spelterapie: Die onontbeerlike vaardighede in terapie met die kind. Ongepubliseerde aantekeninge vir kursus in spelterapie aan die Univ. Van Pretoria.

Spilka, B, Zwartjes, W J & Zwartjes G M 1991. The role of religion in coping with childhood cancer. *Pastoral Psychology* 39, 295-303.

Webb-Mitchell, B 1995.The importance of stories in the act of caring. *Pastoral Psychology* 43, 216-225.

West, J 1992. *Child centred play therapy.* London: Edward Arnold.

Woltmann, A G 1993. Mud and clay, in Schaefer, C E & Cangelosi, D M (eds), *Play therapy techniques,* 141-157. Northvale, New Jersey: Jason Aronson Inc.